Die groeimomentum van die ekonomie wat sedert die tweede helfte van 1996 oor die algemeen begin stoom verloor het, het in die derde kwartaal van 1997 verder verswak. Die sterk groei in twee van die belangrikste sektore, naamlik mynbou, en vervoer en kommunikasie, het egter toegesien dat groei in produksie in die derde kwartaal van 1997 steeds teen 'n positiewe, hoewel skamele, koers van  $\frac{1}{2}$  persent bly toeneem het – heelwat laer as die vergelykenderwys stewige groei van  $2\frac{1}{2}$  persent wat in die tweede kwartaal aangeteken is.

Die groei in die produksie buite die primêre sektore van die ekonomie het merkbaar verlangsaam. Veral die produksie in die fabriekswesesektor, die sektor waarvan verwag word om stukrag aan ekonomiese ontwikkeling en groei in werkverskaffing te verleen, het van die tweede tot die derde kwartaal van 1997 'n absolute afname getoon.

Die gemiddelde vlak van die totale reële bruto binnelandse produk was in die eerste drie kwartale van 1997 nogtans sowat 2 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1996. Die jongste projeksies dui op 'n groeikoers in die Suid-Afrikaanse ekonomie van tussen  $1\frac{1}{2}$  persent en 2 persent in die kalenderjaar 1997, wat aansienlik laer is as wat oor die algemeen aan die begin van die jaar in die vooruitsig gestel is en ook laer as die gemiddelde groeikoers van die afgelope drie kalenderjare. Hoewel 'n tegniese ontleding nie voldoende getuienis kon lewer dat Suid-Afrika 'n afwaartse fase van die konjunkturgolf betree het nie, het die ekonomie beslis nie in die derde kwartaal van 1997 teen volle kapasiteit geproduseer nie, en was die groei in produksie duidelik minder as die ekonomiese groeivermoë van Suid-Afrika.

Die reële bruto binnelandse besteding het in die derde kwartaal van 1997 vir die vierde keer in die vyf kwartale sedert die derde kwartaal van 1996 afgeneem. Aangesien produksie oor hierdie tydperk bly toeneem het, het die afname in totale besteding 'n baie beter balans tussen die totale aanbod en vraag in die Suid-Afrikaanse ekonomie bewerkstellig. Die onmiddellike oorsake van die algemene afname in totale besteding was die volgehoue verwagtings van swakker groei in vraag in die toekoms en die hoë koste van voorraadbeseit wat vervaardigers en handelaars genoop het om die vlak van voorrade te verminder. Hoewel die groei in reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid steeds betreklik hoog was, het dit in die derde kwartaal effens afgeneem en daardeur ook bygedra tot die verstewiging van makro-ekonomiese ewewig.

Verbruikerssentiment het ook in die derde kwartaal 'n

sweem van negatiwiteit getoon en huishoudings se besteding het stadiger toegeneem. In teenstelling hiermee, het reële vaste investering in die eerste drie kwartale van 1997 deurgaans toegeneem teen koerse wat hoër was as die groei in totale produksie. Van besondere belang was die toenemende veerkrag van reële bruto vaste kapitaalvorming deur die private sektor, wat sedert die eerste kwartaal van 1997 teen al vinniger koerse gegroei het. Hierdie groeikoerse was weliswaar steeds betreklik beskeie, maar die tendens het belofte ingehou vir toekomstige groei in inkome.

Die totale besparingsverhouding in Suid-Afrika het gedurende die eerste drie kwartale van 1997 verder verswak. Die lae besparingskoers van die land het 'n strukturele struikelblok gebly vir investeringsgedrewe groei in inkome en werkverskaffing. Voornemens om die ekonomie op 'n steiler groeipad te plaas, sonder 'n toename in die besparingskoers, sal 'n toenemende afhanklikheid van netto invloeiinge van buitelandse kapitaal impliseer. Buitensporige afhanklikheid van geleende buitelandse kapitaal kan egter uiteindelik ontaard in nie-handhaafbare groei in buitelandse skuld, wat op 'n latere tydstip streng regstellende beleidstappe tot gevolg kan hê.

Deels as gevolg van die verbetering van makro-ekonomiese ewewig in Suid-Afrika, is in onlangse maande beduidende vordering met die verlaging van inflasie gemaak. Veranderings van kwartaal-tot-kwartaal in al die prominente aanwysers van prysinflasie het gedurende die derde kwartaal van 1997 enkelsyfervlakke bereik. Die verlangsaaming van inflasie het natuurlik 'n stewige hupstoot gekry weens die relatiewe sterkte van die rand in die eerste deel van die jaar. Net so kan die geleidelike depresiasie van die rand teenoor ander geldeenheide vanaf die middel van Maart 1997 op stadiger vordering met die verlaging van inflasie dui.

In teenstelling met die gunstige anti-inflasionistiese omgewing wat in die eerste helfte van 1997 deur die betreklike bestendigheid van die rand geskep is, was die ontwikkelings op die gebied van makro-ekonomiese arbeidsvergoeding minder ondersteunend van die beleidsoogmerk van algemene prysbestendigheid. Die toename oor vier kwartale in totale werkverskaffingskoste het in die tweede kwartaal van 1997 weer bo die vlak van tien persent beweeg. Hoewel inflasiedempende produktiwiteitsgroei deur afdankings in die formele sektore van die ekonomie in die tweede kwartaal bewerkstellig is, het die koers van toename in nominale arbeidseenheidskoste ook versnel. Werkverskaffing in die formele nie-landbousektore van die ekonomie het gevolglik verder afgeneem en die vlak van werkverskaffing in die formele sektore het teruggesak tot vlakke wat in 1981 aangeteken is.



Die afname in werkverskaffing in die formele sektore het plaasgevind ondanks voortgesette, hoewel matige groei in totale produksie en investering. Om werkverskaffingsvlakke te laat styg in ooreenstemming met groei in produksie, is dit belangrik dat 'n toepaslike kombinasie van veranderings in uitsetpryse, produktiwiteitsgroei en makro-ekonomiese loonontwikkelings geskep word. Dit sal 'n stewige grondslag vorm vir investeringsgedrewe produksie en groei in werkverskaffing.

Soos verwag kon word, het die afname in reële bruto binnelandse besteding in die derde kwartaal van 1997 met 'n effense afname in die fisiese hoeveelheid ingevoerde goedere gepaard gegaan. Die fisiese hoeveelheid goedere-uitvoer het terselfdertyd ook afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van kleiner hoeveelhede minerale en landbouprodukte wat uitgevoer is. Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans het op stuk van sake groter geword teen die agtergrond van 'n verlang-saming in die ekonomie gedurende die derde kwartaal. Dit is egter betekenisvol dat die waarde van vervaardigde goedere wat uitgevoer is bly toeneem het, bes moontlik as gevolg van die verbeterde mededingendheid van plaaslike vervaardigers in uitvoermarkte.

Die verbreding van die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in samehang met 'n skerp afname in die netto invloeiing van buitelandse kapitaal, het tot 'n afname in Suid-Afrika se netto besit aan goud- en ander buitelandse reserwes in die derde kwartaal van 1997 gelei. Die inwaartse beweging van langtermynkapitaal was in die derde kwartaal aansienlik laer as die invloeiing wat in die tweede kwartaal waargeneem is toe die Regering aktief fondse op die internasionale kapitaal-mark gewerf het en die gedeeltelike privatisering van 'n semi-staatsinstelling ook vir 'n groot invloeiing van aandelekapitaal in die ekonomie gesorg het. Boonop het die uitvloeing van korttermynkapitaal in die derde kwartaal versnel toe private banke verkies het om hul buitelandse korttermynverpligtinge te verminder gedurende 'n tydperk van 'n geleidelike daling in die wisselkoers van die rand en die tekort in die geldmark. Die Reserwebank het sy buitelandse korttermynverpligtinge gedurende dieselfde tydperk verhoog om die algehele vlak van die bruto goud- en ander buitelandse reserwes te ondersteun.

Ontwikkelings in die internasionale valutamarkte is gedurende die derde kwartaal van 1997 ingrypend aangetas deur gebeure in Asië wat na ander finansiële markte dwarsoor die wêreld uitkring het. Strukturele swakhede in die ekonomieë van 'n aantal Suidoos-Asiatiese lande wat vir 'n lang tyd smeulend was, het teen die einde van die tweede kwartaal van 1997 na vore gekom en veroorsaak dat die meeste Asiatiese geld-eenhede skerp teen die Amerikaanse dollar gedeapresieer het. Die rand was nie geïsoleer van die gebeure nie, maar as gevolg van die waarde-aanpassing wat dit in 1996 ondergaan het en die gesonder stand van makro-ekonomiese bestuur in Suid-Afrika, het dit heelwat minder as die Asiatiese geldeenheide teen die dollar gedeapresieer.

Die groei in die omvattend gedefinieerde geldvoorraad het in die derde kwartaal van 1997 aansienlik verlangsaam, maar op 'n vlak gebly wat die perk vir aanvaarbare monetêre groei vir die volle jaar oorskry het. Aangespoor deur verwagtings dat langtermynrentekoerse sal daal en dat die betreklike stram monetêre beleids-benadering verslap sal word, het deposante gedurende die eerste agt maande van 1997 'n al groter voorkeur vir langertermyndeposito's getoon. Hierdie proses het teen die einde van September opgehou, toe 'n groot verskuiwing na korttermyndeposito's plaasgevind het. Dit is nog te gou om te oordeel of die jongste klaarblyklake verandering in likiditeitsvoorkeur as 'n eenmalige gebeurtenis beskou moet word en of dit deel was van 'n meer permanente aanpassing in die gewenste portefeuljesamestelling van die algemene publiek.

Die kredietmark het in die derde kwartaal van 1997 'n algemene verlangsamings in kredietverlening beleef en meer bepaald in kredietverlening aan die nie-bank private sektor. Hierdie verlangsamings, in samehang met die stadiger uitbreiding van M3 en die vordering wat gemaak is om inflasie af te bring, het aanleiding gegee tot die besluit van die Reserwebank om Bankkoers op 20 Oktober 1997 te verlaag. In teenstelling met kredietver-lening aan die nie-bank private sektor het netto krediet-verlening aan die regeringsektor in die derde kwartaal sterk toegeneem.

Ruim toestande het in die derde kwartaal van 1997 in die geldmark voortgeduur. Korttermynrentekoerse was meestal aan die daal tot vlakke aansienlik laer as die heersende Bankkoers. Onder hierdie omstandighede was die Reserwebank bereid om toe te laat dat ruimer likiditeitstoestande ontwikkel, en het die Bank hom daarvan weerhou om die tekort aan likiditeit enigsins stelselmatig te beïnvloed buiten vir bepaalde gevalle waar dit nodig was om groot skommelings in likiditeit glad te stryk. Toe die Bank in Oktober ingemeng het om die mark in buitelandse valuta te bestendig, het toestande in die geldmark vir 'n wyle aansienlik vernou. Effens strammer toestande as gedurende die derde kwartaal het in November bly voortduur.

Die stemming in die effektemark was gedurende die eerste nege maande van 1997 oorwegend positief terwyl die opbrengskoeerse op langtermynstaatsseffekte en ander vasterentedraende effekte geleidelik afwaarts beweeg het. Dit is betekenisvol dat daar gedurende hierdie tydperk 'n verskuiwing van nie-inwoners se netto aankope van Suid-Afrikaanse sekuriteite was; waar die klem in die eerste kwartaal van die jaar op die aankoop van effekte geval het, het dit in die tweede en derde kwartale van 1997 na die aankoop van aandele verskuif. In Oktober 1997 het nie-inwoners netto verkopers van effekte geword. Te oordeel na die optrede van nie-inwonerbeleggers het Suid-Afrikaanse aandele dus deur die loop van die jaar toenemend beter waarde as effekte gebied.

Die positiewe stemming in die mark vir sekuriteite het skielik tot 'n einde gekom toe die swak makro-ekono-miese bestuur van die Suidoos-Asiatiese ekonomieë 'n



afwaartse herwaardering van effekte en aandele op finansiële markte regoor die wêreld aan die gang gesit het. Aandelepryse op die Johannesburgse Aandelebeurs het in Oktober 1997 skerp gedaal, hoewel dit persentasiegewys baie minder was as gedurende die skerp daling van Oktober 1987. In 1987 het dit die aandeleprysindeks vir alle klasse aandele 'n volle twee-en-twintig maande geneem om tot die hoogtepunt van voor die ineenstorting te herstel; in 1997 het dit net twee weke geneem om meer as 40 persent van die aanvanklike afname in die waarde van die indeks te verhaal. Min of meer in ooreenstemming met die beweging in aandelepryse het die pryse van langtermynstaatseffekte ook gereageer op die onstuimigheid in die finansiële markte en opbrengskoerse op effekte het met 131 basispunte gestyg, maar daarna weer teruggesak om 'n netto styging van 77 basispunte bo die lae vlakke wat net voor die skerp daling in effektepryse op 22 Oktober 1997 geheers het, aan te teken.

Die daling in die waarde van effekte en aandele in 1987 het op die hakke van 'n reeks verlaginge in Bankkoers gevolg en daartoe aanleiding gegee dat die daling in batewaardes nie juis die binnelandse private sektor se geneigdheid om te verbruik en te investeer kon beïnvloed nie. Die uiteindelijke uitwerking van die onlangse afname in batewaardes op binnelandse ekonomiese ontwikkelings sal dus ook in 'n groot mate afhang van die beleidsreaksies van die finansiële owerhede, hier ter plaatse sowel as in die wêreld se ontwikkelde ekonomieë.

Die leningsbehoefte van die openbare sektor in verhouding tot die bruto binnelandse produk het gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 toegeneem vergeleke met sy teenhanger in die eerste helfte van die vorige fiskale jaar. Die tekort voor lenings en skuldterugbetaling op die Skatkisrekening in verhouding tot die bruto binnelandse produk het egter van die eerste helfte van die fiskale jaar 1996/97 tot die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 gekrimp. Ongelukkig is 'n aansienlike deel van die begrote tekort van die Nasionale Regering vir die fiskale jaar 1997/98 in die geheel reeds in die eerste helfte van die fiskale jaar opgeneem. Die oorskryding van die geraamde tekort was besonder ernstig op provinsiale regeringsvlak.



## Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

### Binnelandse produksie<sup>1</sup>

Die groei in die totale *reële bruto binnelandse produk* het in die derde kwartaal van 1997 op 'n seisoens-aangepaste jaarkoers van ½ persent te staan gekom. Dit vergelyk met 'n daling in die totale produksie teen 'n jaarkoers van ½ persent in die eerste kwartaal van 1997 en 'n toename teen 'n jaarkoers van 2½ persent in die tweede kwartaal. In die eerste drie kwartale van 1997 was die gemiddelde vlak van die reële binnelandse produksie ongeveer 2 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1996, wat daarop dui dat 'n ekonomiese groeikoers van tussen 1½ en 2 persent met 'n redelike mate van sekerheid vir die kalenderjaar 1997 in die geheel in die vooruitsig gestel kan word.

Die verlengsaming in die groei in die derde kwartaal van 1997 was hoofsaaklik die gevolg van onveranderde produksie in die nie-primêre sektore van die ekonomie – die groei van produksie in die primêre sektore het versnel. *Landbouproduksie* het in die derde kwartaal verder gedaal, maar teen 'n baie stadiger koers as in die vorige twee kwartale. Die reële toegevoegde waarde van die landbousektor is nadelig geraak deur swak klimaatstoestand gedurende die afgelope groeiseisoen wat die mielie-oes in sekere produksiegebiede benadeel het.

<sup>1</sup> Soos gebruikelik in die derde kwartaal van elke jaar, is die gegewens van die nasionale rekeninge hersien en in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* opgeneem. Hierdie hersienings is gebaseer op meer volledige of meer toepaslike gegewens wat beskikbaar geraak het. Daarbenewens is seisoensfaktore ook op datum gebring.

Nadat die produksie in die *mynbousektor* in die eerste kwartaal van 1997 min groei getoon het, het dit sterk herstel en in die middelkwartale van die jaar teen bestendige jaarkoerse gestyg. Hierdie verbetering is deur 'n toename in goud- en nie-goudmynbouproduksie veroorsaak. Die reële toegevoegde waarde van die steenkoolmyne is deur 'n volgehoue hoë vlak van die uitvoervraag aangehelp, terwyl platinumproduksie voordeel geput het uit hoër pryse as gevolg van die onsekerheid oor die Russiese lewering van metale in die platinumgroep. Goudmynbouproduksie het in die derde kwartaal van 1997 gestyg toe die uitwerking van die nuwe produktiviteitsmaatreëls waarskynlik begin het om na die bedryfsvlakke van die goudmynbousektor deur te syfer.

Die reële toegevoegde waarde van die *sekondêre sektore* het in die derde kwartaal van 1997 teen 'n jaarkoers van ½ persent gedaal, nadat dit teen lewendige koerse van 5½ persent in die eerste en die tweede kwartaal toegeneem het. Fabrieksproduksie het teen 'n jaarkoers van 1 persent gedaal namate 'n verswakking in die totale binnelandse vraag en stadiger groei in die uitvoervraag na vervaardigde goedere hul merk gelaat het. Die koers van toename in die binnelandse verkope van vervaardigde goedere en die omvang van bestellings het in die derde kwartaal van 1997 verlengsaam, die verhouding van onvoltooide bestellings tot verkope het gedaal en die benutting van produksievermoë het van 82 persent in die tweede kwartaal tot 81 persent in die derde kwartaal afgeneem. Dalings in produksie het voorgekom in die bedrywe wat voedsel, papierprodukte, masjinerie en vervoertoerusting vervaardig, terwyl klein toenames in die reële toegevoegde waarde van subsektore soos die klerasiebedryf, chemikalieë en nie-metaalhoudende minerale waargeneem kon word.


**Tabel 1. Reële bruto binnelandse produk**

Persentasieverandering teen seisoens-aangepaste jaarkoerse

Sektore	1996					1997		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw
Primêre sektore .....	26	16½	15½	2½	9	-15½	0	3
Landbou .....	99	65	59½	4	29	-34½	-9	-½
Mynbou .....	-½	-5	-7½	1	-1½	½	6	5
Sekondêre sektore .....	½	3	½	2½	1	5½	5½	-½
Fabriekswese .....	-1	3	-1	2	½	6	5½	-1
Tersiêre sektore .....	1	3	2	3	3	-½	1½	0
Handel .....	-2½	5½	0	3	3½	-2	2	-1½
Vervoer, opberging en kommunikasie .....	1	2	3	2½	3	½	4	2½
Finansiële en ander dienste .....	3½	3	4	4	3½	2	2	1
<b>Totaal .....</b>	<b>3½</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>3</b>	<b>3</b>	<b>-½</b>	<b>2½</b>	<b>½</b>
Nie-landbousektore .....	½	2	½	2½	2	1½	3	½



## Groei in reële bruto binnelandse produk



Die reële toegevoegde waarde van die sektor wat *elektrisiteit, gas en water* voorsien, het in die derde kwartaal van 1997 bly toeneem, maar net teen 'n koers van ½ persent – dit was baie laer as die groeikoerse van 4 persent in die eerste kwartaal en 6 persent in die tweede kwartaal. Hierdie verlangsamings was 'n weerspieëling van die stadiger tempo van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid en 'n mate van verslapping in die uitvoervraag na elektrisiteit. Die reële produksie in die *konstruksiesektor* het ook net effens in die derde kwartaal van 1997 toegeneem.

Die groei in die *tersiêre sektore* het ook gesamentlik van 'n jaarkoers van 1½ persent in die tweede kwartaal van 1997 tot minder as ½ persent in die derde kwartaal verlangsaam. Die *handelsektor*, veral die groothandel, is nadelig geraak deur verlangsamings in private verbruiksbesteding, die investeringsvraag en die verkryging van goedere en dienste deur departemente van die algemene owerheid. In die motorhandel is die verkope van nuwe voertuie moontlik ook aan bande gelê deur die instelling in die middel van 1997 van 'n strenger byvoordeelbelasting op maatskappymotors en motortoelaes.

In die sektor *vervoer, opberging en kommunikasie* het die reële toegevoegde waarde in die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van 2½ persent gestyg en in die sektor *finansies, vaste eiendom en sakedienste* teen 'n koers van 1 persent. Die groei in die produksie van die sektor vervoer en kommunikasie het 'n betreklik stewige pas gehandhaaf as gevolg van die vervoer van die grootste deel van die mielie-oes wat in die derde kwartaal ingesamel is en die groot hoeveelheid toerismeverkeer. Die matige groei in die reële toegevoegde waarde van die finansiële dienstesektor in die derde kwartaal van 1997 was in 'n mate 'n weerspieëling van die verlangsamings in die totale binnelandse vraag.

## Binnelandse besteding

Die totale *reële bruto binnelandse besteding* het in die eerste kwartaal van 1997 teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers van ½ persent gedaal, in die tweede kwartaal teen 'n koers van 1½ persent gestyg, maar in die derde kwartaal weer teen ongeveer ½ persent gedaal. Dit het die totale reële bruto binnelandse besteding in die eerste drie kwartale van 1997 op ongeveer dieselfde vlak gebring as in die eerste drie kwartale van 1996. Die daling in die bruto binnelandse besteding in die derde kwartaal van 1997 is deur 'n skerp afname in die reële voorraadvlakke teweeggebring wat die positiewe, maar effens stadiger groei in die reële binnelandse finale vraag sterk teengewerk het.

Die groeikoerse in *reële private verbruiksbesteding* het effens versnel van 'n seisoensaangepaste jaarkoers van 1 persent in die eerste kwartaal van 1997 tot 1½ persent in die tweede kwartaal, maar in die derde kwartaal weer tot 1 persent gedaal. Hierdie verdere toename in reële private verbruiksbesteding is deur 'n volgehoue groei in die reële besteding aan nie-duursame goedere en



**Tabel 2. Reële bruto binnelandse besteding**

Persentasieverandering teen seisoensaangepaste jaarkoerse



Komponente	1996					1997		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw
Private verbruiksbesteding.....	3½	4	3	3	4	1	1½	1
Owerheidsverbruiksbesteding .....	6½	11	9	3½	6	4	4	2½
Bruto binnelandse vaste investering. ....	10½	6½	5	5	8	2½	3	3
Binnelandse finale vraag .....	5½	6	4½	3½	5	2	2½	1½
Verandering in voorrade (R miljarde)* .....	1,2	6,8	2,4	0,4	2,7	-2,4	-3,3	-4,8
<b>Bruto binnelandse besteding .....</b>	<b>2</b>	<b>12½</b>	<b>-2</b>	<b>-2½</b>	<b>3</b>	<b>-½</b>	<b>1½</b>	<b>-½</b>

\* Konstante 1990-pryse

dienste teweeggebring, terwyl reële besteding aan duursame en semi-duursame goedere gedaal het.

Die totale reële private verbruiksbesteding aan duursame goedere het in die derde kwartaal teen 'n seisoensaangepaste jaarkoerse van 2½ persent gedaal nadat dalings van 2½ en 2 persent in die voorafgaande twee kwartale van 1997 aangeteken is. Dit was hoofsaaklik die gevolg van laer besteding deur huishoudings aan meubels en huishoudelike toebehore en persoonlike vervoertoerusting.

Die groei van kwartaal tot kwartaal in die reële besteding aan semi-duursame goedere het aanvanklik van 'n jaarkoerse van 3½ persent in die eerste kwartaal van 1997 tot 1 persent in die tweede kwartaal verlangsaam, maar toe in die derde kwartaal van 1997 met ½ persent gedaal. Dalings in die reële besteding deur huishoudings aan

**Reële bruto binnelandse besteding****Komponente van reële private verbruiksbesteding as persentasie van totaal**



tekstiele en toebehore, motorbande, -onderdele en -toebehore en ander semi-duursame goedere het 'n toename in die besteding aan klerasie en skoeisel meer as geneutraliseer. In teenstelling hiermee het die reële besteding deur huishoudings aan nie-duursame goedere en aan dienste in die derde kwartaal van 1997 verder teen seisoensaangepaste jaarkoerse van onderskeidelik 1½ persent en 3 persent toegeneem.


Die klem in die bestedingspatrone van huishoudings het gedurende onlangse kwartale duidelik verskuif na besteding aan nie-duursame goedere en dienste en weg van die algemeen duurder prysklasse. Hierdie soort bestedingsgedrag dui nie op 'n verbruikersgemeenskap met selfvertroue wat 'n volgehoue sterk groei in inkome verwag en wat 'n sterk vraag na luukse en ander duursame goedere het nie. Dit was eerder 'n weerspieëling van lae groei in reële persoonlike beskikbare inkome as 'n gebrek aan verbruikersvertroue wat moontlik kon spruit uit:

- die volgehoue hoë vlakke van werkloosheid;
- dalende indiensneming in die formele sektor van die ekonomie en 'n algemene besorgdheid oor werksekerheid;
- lae vlakke van opgelope besparing;
- hoë vlakke van huishoudingskuld;
- die hoë finansieringskoste van skuld;
- hoë vlakke van belasting op lopende inkome; en
- betreklike swak korttermynvooruitsigte vir groei in reële inkome.

Onder sulke omstandighede is dit redelik om te verwag dat huishoudings hul beskikbare inkome konserwatief sal aanwend. Kommer oor die gehalte van balansstate sal waarskynlik die besnoeiing van totale besteding en 'n skerper ingesteldheid op noodsaaklike en nie-diskresionêre verbruiksbesteding aanmoedig.

Die totale reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het in die derde kwartaal van 1997 bly toeneem, hoewel teen 'n laer koers as voorheen. Nadat die reële verbruiksbesteding van die algemene owerheid in die eerste en die tweede kwartaal van 1997 teen seisoensaangepaste jaarkoerse van 4 persent gestyg het, het dit in die derde kwartaal tot groei van 2½ persent verlangsaam. Dit het die reële besteding aan verbruik van goedere en dienste deur die algemene owerheid in die

#### Reële owerheidsverbruiksbesteding as persentasie van reële bruto binnelandse produk



eerste nege maande van 1997 op 'n vlak gebring wat 5½ persent hoër was as in die ooreenstemmende tydperk in 1996. Laer groei in die reële besteding aan intermediêre goedere en dienste en 'n daling in die aantal werknemers was hoofsaaklik verantwoordelik vir die verlangsaming wat aangeteken is. Ondanks die onlangse verlangsaming, het die verhouding van owerheidsverbruiksbesteding tot die bruto binnelandse produk van 20½ persent in 1996 tot 'n gemiddeld van 21 persent in die eerste drie kwartale van 1997 gestyg.

Die sterk groei in die reële bruto binnelandse vaste investering, wat gedurende 1996 van kwartaal tot kwartaal teen jaarkoerse van tussen 5 en 10½ persent gewissel het, het tot 'n toename van 2½ persent in die eerste kwartaal en 3 persent in sowel die tweede as die derde kwartaal van 1997 afgeneem. Reële vaste investering het in die eerste drie kwartale van 1997 op 'n vlak te staan gekom wat ongeveer 3 persent hoër was as in die ooreenstem-

**Tabel 3. Reële bruto binnelandse vaste investering**  
Persentasieverandering teen seisoensaangepaste jaarkoerse

Institusionele sektore	1996					1997		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw
Private sakeondernemings .....	6	3½	6	5½	6	1	2	2½
Openbare korporasies .....	19½	-½	1½	4	10½	9	9	6
Openbare owerhede .....	27½	34½	3½	3	15	2½	1½	1
<b>Totaal .....</b>	<b>10½</b>	<b>6½</b>	<b>5</b>	<b>5</b>	<b>8</b>	<b>2½</b>	<b>3</b>	<b>3</b>



mende tydperk van 1996. Die groei in die totale reële vaste investering in die derde kwartaal van 1997 is deur toenames in kapitaalvorming deur al drie institusionele sektore, naamlik die private sektor, die openbare korporasies en die openbare owerhede teweeggebring.

Die groei in die *reële bruto binnelandse vaste investering deur ondernemings in die private sektor* het van 1 persent in die eerste kwartaal van 1997 tot 2 persent in die tweede kwartaal en 2½ persent in die derde kwartaal versnel. Die produksievermoë in al die hoofsektore van ekonomiese bedrywigheid het gebaat by die hoër vlak van kapitaalvorming deur ondernemings in die private sektor. In die landbousektor het kapitaalbesteding, veral in die akkerbougebiede, op die beter as verwagte oeste in die tweede helfte van 1997 gereageer. Die fabriekswesesektor het sy investeringsbedrywigheid verhoog as gevolg van die aanbodkant-belastingvergunning wat deur die regering toegestaan is en die behoefte aan volgehoue winsgewendheid te midde van toenemend mededingende en geïntegreerde wêreldmarkte. In die handelssektor het investering as gevolg van verskeie redes toegeneem, waaronder die ontwikkeling van spesialiteitswinkels wat spesiale persele nodig het, die behoefte om lewe te blaas in sukkelende winkelsentra in sentrale sakegebiede, die uitbreiding van kleiner winkelsentra in voorstedelike gebiede en die ontwikkeling van kleinhandelsentra in sommige van die minderontwikkelde gebiede van die land.

Soos die geval in 1996 was, het die groei in reële vaste kapitaalvorming deur die openbare sektor (open-


bare korporasies en openbare owerhede) in die eerste drie kwartale van 1997 betreklik sterk gebly en het die reële vaste investering van die openbare sektor teen 'n stewige koers van 3½ persent in die derde kwartaal van 1997 toegeneem. Hoër reële vaste kapitaalvorming deur ondernemings in die openbare sektor was die gevolg van infrastruktuurverwante investering deur ondernemings soos Transnet, Telkom en die subsektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien.

Terwyl die voorradesiklus gedurende 1996 slegs stukrag verloor het toe die opbou van *voorrade* verlangsaam het, het die vlak van voorrade in die eerste drie kwartale van 1997 in werklikheid gedaal. Die dalings in die voorraadvlakke in die derde kwartaal van 1997 het hoofsaaklik in die fabriekswese, en groot- en kleinhandel-sektore voorgekom. Die algemene verlangsaaming in die binnelandse finale vraag en die betreklik hoë koste om voorrade te dra het vervaardigers en produsente aangespoor om voorrade te verminder. As gevolg hiervan het die verhouding van nywerheids- en handelsvoorrade tot die bruto binnelandse produk, met die uitsondering van die landbousektor, van 'n gemiddelde van 18 persent in die eerste twee kwartale van 1997 tot 16½ persent in die derde kwartaal gedaal.


### Faktorinkome en besparing

Die groei van jaar tot jaar in die *totale nominale faktorinkome* teen markpryse, het van 10½ persent in die eerste kwartaal van 1997 tot gemiddeld 10 persent in die tweede en die derde kwartaal verlangsaam. Hierdie

### Verandering in totale reële voorrade



### Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding





verlangsaming in die groei van faktorinkome was die gevolg van stadiger groei in sowel die bedryfsurplusse van sakeondernemings as die vergoeding van werknemers.

Die groei oor vier kwartale in die totale nominale *bruto bedryfsurplusse* het van 10 persent in die eerste kwartaal van 1997 tot gemiddeld 9 persent in die tweede en die derde kwartaal gedaal. Die bruto bedryfsurplusse het in die landbousektor gedaal terwyl dit in sommige van die ander belangrike sektore, soos fabriekswese, handel en finansiële dienste, teen stadiger koerse toegeneem het. Die groei koerse oor een jaar in die totale *vergoeding van werknemers* het dienoooreenkomstig van 10 persent in die tweede kwartaal van 1997 tot 9½ persent in die derde kwartaal verlangsaa.

*Bruto binnelandse besparing* in verhouding tot die bruto binnelandse produk het van 16½ persent in 1996 tot ongeveer 15½ persent in die eerste drie kwartale van 1997 gedaal. *Netto ontsparing deur die algemene owerheid* het in die eerste drie kwartale van 1997 deurentyd op die vlak van 3½ persent van die bruto binnelandse produk gebly. *Netto maatskappybesparing* in verhouding tot die bruto binnelandse produk het van 'n gemiddelde van 5 persent in die eerste helfte van 1997 tot 4½ persent in die derde kwartaal gedaal. Oor dieselfde tydperk het die *netto besparing van private huishoudings* baie laag gebly; in verhouding tot die bruto binnelandse produk het dit in die eerste drie kwartale van 1997 ongeveer 1 persent bedra. As gevolg van die ontwikkelingsbehoefte van die Suid-Afrikaanse


ekonomie is die gebrek aan besparing vir die finansiering van investering wat stukrag aan groei sal verleen, ooglopend 'n ernstige strukturele tekortkoming.

### Werkverskaffing


Ondanks voortgesette positiewe ekonomiese groei het die *totale werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou* in die eerste helfte van die jaar teen jaarkoerse van 3,0 persent in die eerste kwartaal van 1997 en 1,7 persent in die tweede kwartaal afgeneem. Van die einde van 1996 tot die einde van die tweede kwartaal van 1997 het die vlak van die totale werkverskaffing in die formele sektore met 62 000 werkgeleenthede afgeneem. Dit het die totale werkverskaffing te staan gebring op 'n vlak wat naasteby ooreengestem het met dié van 1981. Die meting van werkverskaffingsvlakke moet egter gesien word in die lig van amptelike statistieke wat tans nie voorsiening maak vir werkgeleenthede wat deur subkontraakteurs geskep word nie en wat ook nie rekening hou met ander soorte herstrukturings van die arbeidsmark, wat werkskepping aanhelp in die dienstesektor waarvoor slegs onvolledige statistieke tans beskikbaar is nie.

Werkverskaffing in die *formele private sektore buite die landbou* het teen 'n seisoensaangepaste

### Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk



### Werkverskaffing in die sektore buite die landbou





jaarkoers van 3,0 persent in die eerste kwartaal van 1997 en 2,0 persent in die tweede kwartaal afgeneem. Dit verteenwoordig 'n afname van ongeveer 43 000 werkgeleenthede wat hoofsaaklik in die fabriekswese, mynbou- en konstruksiesektore voorgekom het, met kleiner afnames in die elektrisiteitsopwekkingsektor, motorhandel en die finansiële-dienste-sektore.

Die afname in werkverskaffing was deels die gevolg van die toenemende integrasie van wêreldmarkte. Hierdie integrasie van wêreldmarkte, tesame met vinnige tegnologiese vooruitgang, benadruk die noodsaak vir Suid-Afrikaanse vervaardigers en ander produsente om mededingend te wees in wêreldmarkte en om hul mededingendheid in die mark vir internasionaal verhandelbare goedere en dienste te bly handhaaf. Die oplossing vir hierdie probleem word oorwegend in Suid-Afrika gevind in die vervanging van arbeid met kapitaal in die produksieproses. Dit het sedert die begin van die negentigerjare 'n afname in die werkverskaffingsvlakke in die formele sektore van die ekonomie tot gevolg gehad.

Dit sal gewens wees as groei in werkverskaffing min of meer saam met groei in kapitaalvorming kan plaasvind. So 'n ontwikkeling moet voorafgegaan word deur 'n verbetering in die beleggingsopbrengs om sodoende die omstandighede te skep wat nodig is vir volgehoue investeringsgedrewe ekonomiese groei. Om so 'n gunstige investeringsomgewing te bewerkstellig is dit belangrik dat toenames in produksiekoste in bedwang gehou moet word. Omdat arbeidskoste 'n belangrike komponent van totale produksiekoste verteenwoordig, is 'n gepaste kombinasie van makro-ekonomiese loonontwikkelings, uitsetprysveranderinge en produktiwiteitsgroei belangrik vir die verhoging van werkverskaffingsvlakke en die vermindering van werkloosheid.

Om 'n groter beleggingsopbrengs in die mynbou-bedryf te verseker en die moontlike sluiting van goudmyne te voorkom, is langtermyn-ooreenkomste tussen die mynbestuur en vakbonde by sekere myne aangegaan. Kapitaal sal meer intensief benut word deur die instelling van addisionele skofte by sekere myne en gesamentlike stappe gaan deur die bestuur en werkers gedoen word om produksie te verhoog. Hierdie ooreenkomste sal na verwagting die lewensvatbaarheid en winsgewendheid van goudmynbou verseker, terwyl dit werkers se sorge oor werksekerheid terselfdertyd sal besweer.

In teenstelling met die jare van 1989 tot 1996 toe *werkverskaffing deur die openbare sektor* uitgebrei het terwyl werkverskaffing in die private sektor ingekort is, kom dit voor asof 'n mate van vordering onlangs gemaak is met pogings om die aantal werkgeleenthede in die openbare sektor te verminder. Die aantal werkgeleenthede in die openbare sektor het gevolglik in drie opeenvolgende kwartale teen seisoensaangepaste jaarkoerse van 0,5 persent in die vierde kwartaal van 1996, 3,0 persent in die eerste kwartaal van 1997 en 1,1 persent in die tweede kwartaal afgeneem. Die daling in werkgeleentheid het oënskynlik op sowel nasionale as


provinsiale regeringsvlak voorgekom.

Die afname in die aantal werkgeleenthede in die formele sektore is gestaaf deur 'n toename van 0,4 persent in die *totale aantal geregistreerde werkloos* in die eerste ses maande van 1997 vergeleke met die eerste ses maande van 1996. Ten slotte is die boonste jaarlikse inkomsteperk vir dekking deur die Werkloosheidsversekeringsfonds vanaf 1 September 1997 met 8,3 persent tot 'n bedrag van R82 982 verhoog. Hierdie toename sal verseker dat 'n groter aantal werkloos in die toekoms hulp sal ontvang, maar dit sal ook die geldelike bydraes tot die Fonds verhoog.

### Arbeidskoste en produktiwiteit

Die ooraanbod van veral ongeskoolde arbeid in Suid-Afrika het oor die afgelope jaar min afwaartse druk op die groei in arbeidsvergoeding uitgeoefen. Ten spyte van afnemende vlakke van werkverskaffing in die formele sektor en toenemende vlakke van werkloosheid, het die koers van toename oor vier kwartale in *nominale vergoeding per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou* van 8,4 persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 11,0 persent in die tweede kwartaal van 1997 versnel. Dit kom voor asof veral die werknemers waarvoor daar kollektiewe bedingingssooreenkomste

### Nominale vergoeding per werker en arbeidseenheidskoste





bestaan, in die eerste helfte van 1997 salaris- en loonverhogings ontvang het wat die verbruikersprysinflasie oor twaalf maande te bowe gegaan het.

Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker in die *private sektore van die ekonomie buite die landbou* wat in die eerste kwartaal van 1997 betekenisvol tot 7,7 persent afgeneem het, het in die tweede kwartaal van 1997 weer tot 'n koers van 10,5 persent toegeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding van *werkers in die openbare sektor* het selfs vinniger van 7,5 persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 11,8 persent in die tweede kwartaal van 1997 versnel. Betreklik groot salarisverhogings is aan werknemers van nasionale regeringsdepartemente, Transnet en die universiteite toegestaan.

Die toename van jaar tot jaar in die nominale vergoeding per werker was in die tweede kwartaal van 1997 steeds hoër as die toename in uitsetpryse, soos deur die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou weerspieël word. Die toename oor een jaar in die reële vergoeding per werker in die nie-landbousektore (dit wil sê die verhouding van die nominale vergoeding per werker tot die deflator van produksie in die nie-landbousektore as 'n aanwyser van uitsetpryse) het trouens van 0,9 persent in die eerste kwartaal van 1997 tot 3,0 persent in die tweede kwartaal versnel.

Die groei in die nominale vergoeding per werker het met toenames in *arbeidsproduktiwiteit* gepaard gegaan, ofskoon teen 'n ietwat laer koers. Produksie per werker in die nie-landbousektore oor vier kwartale het in die vierde kwartaal van 1996 en in die eerste kwartaal van 1997 met 3,0 persent toegeneem en daarna tot 3,4 persent in die tweede kwartaal versnel. As gevolg daarvan dat produktiwiteitsgroei nie ten volle met die groei in die vergoeding per werker tred gehou het nie, het *nominale arbeidseenheidskoste* bly toeneem. Die groei oor vier kwartale in nominale arbeidseenheidskoste het

trouens van 5,3 persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 6,1 persent in die eerste kwartaal van 1997 en 7,3 persent in die tweede kwartaal versnel.

### Inflasie

Inflasie, soos gemeet deur die seisoensaangepaste verandering oor twaalf maande in die *omvattende verbruikersprysindeks* van kwartaal tot kwartaal, het in die derde kwartaal van 1997 verder afgeneem en vir die eerste keer sedert die vierde kwartaal van 1995 tot onder 7 persent gedaal. *Onderliggende inflasie*, soos gemeet deur die verandering van kwartaal tot kwartaal in die seisoensaangepaste verbruikersprysindeks met die uitsluiting van die pryse van voedsel en nie-alkoholiese drank, huiseienaarskoste en belasting op toegevoegde waarde, het ook in die derde kwartaal van 1997 tot onder 7 persent gedaal. Dit was heelwat laer as die onlangse hoogtepunt van 12,6 persent in die vierde kwartaal van 1996.

Die omvattende verbruikersprysinflasie en die onderliggende inflasie oor twaalf maande het sedert Mei 1996 gelyk verloop. Albei hierdie aanwysers van inflasie het in onlangse maande skerp afwaarts beweeg. Die styging oor een jaar in die omvattende verbruikersprysindeks het in April 1997 teen 9,9 persent 'n hoogtepunt bereik, maar het daarna tot 8,0 persent in September afgeneem. Onderliggende inflasie het twee maande vroeër, in Februarie 1997, 'n hoogtepunt van 9,7 persent bereik, maar daarna tot 8,3 persent in September gedaal.


Die pryse van *verbruikersgoedere*, wat gewoonlik geneig is om sterker as die pryse van *verbruikersdienste*

**Tabel 4. Arbeidskoste en produktiwiteit**

Persentasieverandering oor vier kwartale

	Vergoeding per werker		Arbeids- produk- tiwiteit	Nominale arbeids- een- heids- koste
	Nominaal	Aangepas vir inflasie		
1996: 1e kw .....	11,2	2,1	3,3	7,6
2e kw .....	10,2	0,5	3,1	6,9
3e kw .....	10,1	0,2	2,4	7,5
4e kw .....	8,4	-1,7	3,0	5,3
1997: 1e kw .....	9,3	0,9	3,0	6,1
2e kw .....	11,0	3,0	3,4	7,3

### Inflasie in verbruikerspryse





**Tabel 5. Aanwysers van inflasie**

Verandering van kwartaal tot kwartaal teen jaarkoerse

	1996		1997	
	4e kw	1e kw	2e kw	3e kw
Verbruikerspryse				
Omvattende indeks	11,6	9,5	7,1	6,6
Onderliggende inflasie*	12,6	7,4	8,1	6,7
Produksiepryse				
Alle goedere	12,7	8,4	2,7	2,1
Binnelands geproduseerde goedere	11,4	7,2	6,3	2,9
Ingevoerde goedere	18,1	12,4	-10,7	-2,2

\* Verandering in verbruikersprysindeks met die uitsluiting van die pryse van voedsel en nie-alkoholiese drank, huiseienaars-koste en belasting op toegevoegde waarde.

op veranderings in produktiwiteit en nominale arbeids-eenhetskoste te reageer, het van die begin van 1995 heelwat stadiger as die pryse van verbruikersdienste toegeneem. Die verskil tussen die koerse van toename oor tydperke van een jaar in die pryse van verbruikers-goedere en die pryse van verbruikersdienste het van die begin van 1997 van 2,2 persentasiepunte in Januarie tot 0,3 persentasiepunte in Junie verminder. In Julie 1997 het die toename in die pryse van verbruikersdienste



**Tabel 6. Pryse van verbruikersgoedere en -dienste**

Persentasieverandering oor twaalf maande

Tydperk	Verbruikers-goedere	Verbruikers-dienste	Totaal
1996: Nov .....	8,7	10,2	9,2
Des.....	8,6	10,9	9,4
1997: Jan .....	8,6	10,8	9,4
Feb.....	9,0	10,7	9,8
Mrt .....	9,1	10,3	9,6
Apr .....	9,2	10,9	9,9
Mei .....	9,2	9,9	9,5
Jun .....	8,7	9,0	8,8
Jul .....	8,6	9,6	9,1
Aug .....	8,0	9,5	8,7
Sep .....	7,4	9,1	8,0

vinnig versnel as gevolg van die skerp toename in munisipale tariewe, met die gevolg dat die verskil tussen goedereprysinflasie en diensteprysinflasie opnuut tot 1,7 persentasiepunte in September vergroot het.

Ander aanwysers van prysinflasie was in die derde kwartaal van 1997 nog meer getemperd as die veranderings in verbruikerspryse. Die toename van 2,1 persent van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers in die *omvattende produksieprysindeks* in die

**Inflasie in verbruikerspryse****Produksieprysindeks**



derde kwartaal van 1997 was nie minder nie as 10,6 persentasiepunte laer as die onlangse hoogtepunt in die vierde kwartaal van 1996. Die toename van kwartaal tot kwartaal in die *pryse van binnelands geproduseerde goedere* het oor dieselfde tydperk tot 2,9 persent in die derde kwartaal van 1997 gedaal. Hierdie voortgesette verlangsamings in die prystoenames van binnelands geproduseerde goedere was hoofsaaklik die gevolg van laer koerse van toename in die pryse van elektrisiteit, gas, water, tekstiele, klere en skoeisel. Die toename in die omvattende produksieprysindeks, soos gemeet oor tydperke van twaalf maande, het tot 6,1 persent in September 1997 gedaal – 3,5 persentasiepunte laer as die onlangse hoogtepunt in Maart 1997 – en die toename oor tydperke van twaalf maande in die pryse van binnelands geproduseerde goedere tot 6,5 persent – 3,2 persentasiepunte laer as die onlangse hoogtepunt in Mei 1997.


Die toename in die wisselkoers van die rand sedert die einde van Oktober 1996 tot die helfte van Maart 1997, het 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die verlaging van inflasie in die afgelope paar maande. Een aanduiding hiervan is dat die *pryse van ingevoerde goedere* wat by die omvattende produksieprysindeks ingesluit is, van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers van 10,7 persent in die tweede kwartaal van 1997 *gedaal* het, nadat dit nog in die vierde kwartaal van 1996 teen 'n jaarkoers van 18,1 persent toegeneem het. Die daling in die pryse van ingevoerde goedere in die tweede kwartaal van 1997 was veral opmerklik in die pryse van ru-olie wat vanaf die eerste kwartaal met 13,7 persent gedaal het en in die pryse van papier en papierprodukte wat vanaf die eerste kwartaal met 8,2 persent gedaal het. Die pryse van ingevoerde goedere het in die derde kwartaal van 1997 verder teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers van 2,2 persent afgeneem. Gemeet oor tydperke van twaalf maande, het die pryse van ingevoerde goedere in September 1997 met slegs 3,8 persent toegeneem.

## Buitelandse handel en betalings

### Lopende rekening van die betalingsbalans

Ondanks die betreklik matige uitbreiding in ekonomiese bedrywigheid, het die *lopende rekening van die betalingsbalans* in die derde kwartaal van 1997 verswak. Die *tekort op die lopende rekening* (seisoensaangepas en teen 'n jaarkoers), wat van R10,4 miljard in die eerste helfte van 1996 tot R6,7 miljard in die tweede helfte en R5,7 miljard in die eerste helfte van 1997 vernou het, het in die derde kwartaal toegeneem. Gereken teen 'n

### Lopende rekening





**Tabel 7. Lopende rekening van die betalingsbalans**

Seisoensaangepaste jaarkoerse

R miljarde

	1996				1997		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw	3e kw
Goedere-uitvoer .....	88,5	93,1	102,6	111,0	105,6	116,9	113,0
Netto gouduitvoer .....	24,9	25,3	28,7	26,2	26,8	24,5	26,0
Goedere-invoer .....	-104,1	-114,1	-122,2	-124,8	-122,9	-127,2	-128,7
Netto dienste- en oordragbetalings .....	-17,1	-17,2	-17,7	-17,1	-17,4	-17,6	-17,3
<b>Saldo op lopende rekening .....</b>	<b>-7,8</b>	<b>-12,9</b>	<b>-8,6</b>	<b>-4,7</b>	<b>-7,9</b>	<b>-3,4</b>	<b>-7,0</b>

seisoensaangepaste jaarkoerse, het die tekort van R3,4 miljard in die tweede kwartaal meer as verdubbel tot R7,0 miljard in die derde kwartaal. As persentasie van die bruto binnelandse produk het die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans nietemin betreklik gering gebly, naamlik slegs 1,2 persent in die derde kwartaal van 1997.

Die groter tekort op die lopende rekening in die derde kwartaal van 1997 is hoofsaaklik meegebring deur 'n daling in die waarde van die goedere-uitvoer en 'n verdere, hoewel geringe toename in die waarde van die goedere-invoer. Dit is nie ten volle deur 'n toename in die waarde van die netto gouduitvoer en 'n afname in netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners geneutraliseer nie.


Die waarde van *goedere-uitvoer* (seisoensaangepas en teen 'n jaarkoerse) wat in die tweede kwartaal van 1997 'n algehele hoogtepunt van R116,9 miljard bereik het, het in die derde kwartaal tot R113,0 miljard of met 3,5 persent gekrimp. Hierdie afname was die gesamentlike gevolg van 'n daling van bykans 5 persent in die fisiese omvang van die goedere-uitvoer en 'n geringe styging van 1½ persent in uitvoerpryse. Die effense toename in die pryse in rand van die goedere-uitvoer was 'n weerspieëling van die daling in die gemiddelde geweegde waarde van die wisselkoerse van die rand wat 'n effense daling in die pryse van internasionaal verhandelde goedere in buitelandse geldeenheede teengewerk het. 'n Ontleding van die waarde van goedere-uitvoer volgens produkkategorie het getoon dat die daling in die derde kwartaal hoofsaaklik voortgespruit het uit 'n daling in die waarde van mynbouprodukte, hoofsaaklik edel- en halfedelstene, en landbouprodukte, veral plantaardige produkte. Die uitvoer van vervaardigde goedere wat waarskynlik nog steeds voordeel put uit die verhoogde mededingingskrag vanweë die depresiasie van die rand in 1996, het bly styg, maar teen 'n effens stadiger koers as vantevore.

Ten spyte van die daling in die fisiese hoeveelheid goedere wat in die derde kwartaal van 1997 uitgevoer is, was die waarde van die goedere-uitvoer teen konstante

pryse steeds ongeveer 5½ persent hoër as die kwartaallikse gemiddelde waarde wat in 1996 behaal is. In verhouding tot die reële bruto binnelandse produk het die omvang van die uitvoer van 21,8 persent in die eerste kwartaal van 1997 tot 22,4 persent in die derde kwartaal gestyg.

Nadat die seisoensaangepaste waarde van die *netto gouduitvoer* teen 'n jaarkoerse van R26,8 miljard in die eerste kwartaal van 1997 tot R24,5 miljard in die tweede kwartaal gedaal het, het dit in die derde kwartaal van 1997 met 6 persent tot R26,0 miljard toegeneem. Hierdie verbeterde prestasie kan toegeskryf word aan 'n toename van 8½ persent in die fisiese hoeveelheid goud

### Goudprys





wat uitgevoer is, hoofsaaklik vanweë 'n toename in die produksie van goud en die lewering van goud wat voorheen vooruitverkoop is. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark het van VSA\$343 per fyn ons in die tweede kwartaal van 1997 tot VSA\$324 per fyn ons in die derde kwartaal, of met 5,5 persent geval. Uitgedruk in rand, het die prys van goud per fyn ons met slegs 2 persent gedaal vanweë die stabiliserende uitwerking wat die daling in die eksterne waarde van die rand op die randprys van goud gehad het. Aan die einde van September 1997 het die vasstellingsprys van goud vir 'n wyle tot VSA\$337 per fyn ons gestyg voordat dit tot VSA\$308 per fyn ons op 13 November 1997 gedaal het – die laagste vasstelling op die Londense mark sedert 2 Julie 1985. Hierdie skerp daling in die goudprys het voorgekom kort nadat dit rugbaar geword het dat 'n Switserse groep kundiges voorgestel het dat die Switserse owerhede 'n aansienlike deel van hul goudbesit verkoop.

Tesame met die daling in die reële bruto binnelandse besteding het die *fisiese hoeveelheid van die goedere-invoer* (seisoensaangepas en teen 'n jaarkoers) in die derde kwartaal van 1997 effens afgeneem. Die depresiasie van die rand en geringe prystoenames in handelsvennootlande het meegebring dat die pryse van ingevoerde goedere toegeneem het teen 'n koers wat die absolute omvang van die persentasiedaling in die volume van die goedere-invoer oorskry het. Die seisoensaangepaste waarde van die goedere-invoer het teen 'n jaarkoers gevolglik effens toegeneem van R127,2 miljard in die tweede kwartaal van 1997 tot R128,7 miljard in die derde kwartaal.

'n Deel van die daling in die fisiese hoeveelheid van die goedere-invoer kon verklaar word deur 'n daling in die invoer van landbouprodukte. In teenstelling hiermee is meer mynbouprodukte ingevoer, veral in die kategorieë onedelmetale en edel- en halfedelstene.


Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners (seisoensaangepas en teen 'n jaarkoers), wat van R17,4 miljard in die eerste kwartaal van 1997 tot R17,6 miljard in die tweede kwartaal toegeneem het, het in die derde kwartaal effens tot R17,3 miljard afgeneem. Hierdie effens laer netto betalings was die gevolg van hoër ontvangstes

**Tabel 8. Goedere-invoer**

Persentasieverandering van kwartaal tot kwartaal van seisoensaangepaste gegewens

	1997		
	1e kw	2e kw	3e kw
Waarde .....	-1½	3½	1
Prys .....	-1	-½	2½
Volume .....	-½	4	-1

## Reële goederehandel



vir dienste, veral weens toerismebesteding deur buitelandse besoekers aan die land en vervoerdienste wat aan nie-inwoners gelewer is. Die waarde van betalings vir dienste het ook toegeneem, maar in 'n mindere mate as die styging in die waarde van ontvangste vir dienste wat aan nie-inwoners gelewer is. 'n Toename in rentebetalings aan nie-inwoners wat gespruit het uit die styging in Suid-Afrika se buitelandse skuldverpligtinge in rand, het die grootste bydrae gelewer tot die toename in dienstebetalings aan die res van die wêreld.


## Kapitaalrekening

Die totale *netto inwaartse beweging van kapitaal nie verwant aan reserwes nie* het van R12,7 miljard in die tweede kwartaal van 1997 tot R2,1 miljard in die derde kwartaal gekrimp. Hierdie aansienlik kleiner netto inwaartse beweging van kapitaal kan toegeskryf word aan 'n skerp daling in die netto invloeiing van langtermynkapitaal en 'n betreklik aansienlike toename in die uitvloeiing van korttermynkapitaal. Die kumulatiewe netto invloeiing van kapitaal het gedurende die eerste nege maande van 1997 nietemin R18,4 miljard beloop, vergeleke met slegs R0,6 miljard in die ooreenstemmende tydperk in 1996. Kapitaalvloeiinge na Suid-Afrika is in 1996 nadelig geraak deur negatiewe beleggerssentiment teens die land en die hoë mate van onbestendigheid in die plaaslike valutamark van Februarie tot Oktober 1996.

Die netto invloeiing van *langtermynkapitaal* het van R15,7 miljard in die tweede kwartaal van 1997 tot R7,7 miljard in die derde kwartaal gedaal. Hierdie daling is



## Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)



hoofsaaklik meegebring deur 'n skerp afname van buitelandse kapitaalbewegings na organisasies in die openbare sektor. Netto bewegings van internasionale langtermynkapitaal na instellings in die private sektor het van 'n *netto uitvloeiing* in die tweede kwartaal van 1997 na 'n aansienlike *netto invloeiing* in die derde kwartaal omgeswaai.

Die netto invloeiing van langtermynkapitaal na die *openbare sektor* is in die tweede kwartaal van 1997 tot 'n ongekende hoë vlak gevoer deur twee toonderuitgiftes van die regering in die internasionale kapitaalmarkte en die opbrengs van die verkoop van 'n strategiese belang in Telkom aan 'n konsortium buitelandse beleggers. Geen sulke groot gebeurtenisse het in die derde kwartaal voorgekom nie, en die netto invloeiing van internasionale kapitaal na die *openbare owerhede* het gevolglik van

R11,2 miljard in die tweede kwartaal van 1997 tot R2,1 miljard in die derde kwartaal afgeneem. In die geval van openbare korporasies, het die netto invloeiing van langtermynkapitaal van R6,1 miljard in die tweede kwartaal tot R0,9 miljard in die derde kwartaal gedaal.

Buitelandse beleggers het in die derde kwartaal van 1997 effekte van die regering en openbare korporasies wat op die Effektemark van Suid-Afrika genoteer is tot 'n netto bedrag van R6,0 miljard bekom. Aan die einde van September was 'n netto bedrag van ongeveer R2,0 miljard egter nog nie vereffen nie. Vaste kapitaalverpligtinge van organisasies in die openbare sektor ten bedrae van R2,5 miljard was boonop aan skuldeisers wat nie inwoners is nie in die derde kwartaal van 1997 betaalbaar.

Internasionale kapitaalbewegings na organisasies in die *private sektor* het van netto uitvloeiing in die tweede kwartaal van 1997 in heel aansienlike invloeiing in die derde kwartaal verander. Die netto invloeiing van buitelandse fondse na die *nie-bank private sektor* het R5,0 miljard bedra nadat 'n netto uitvloeiing van R1,5 miljard in die tweede kwartaal aangeteken is. Ingesluit in die netto invloeiing gedurende die derde kwartaal was netto aankope ten bedrae van R7,9 miljard deur nie-inwoners van aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is. Gedurende dieselfde tydperk het Suid-Afrikaanse institusionele beleggers buitelandse bates ter waarde van R4,1 miljard deur middel van die bateruilmeganisme van nie-inwoners bekom. Ander buitelandse bates ten bedrae van R2,7 miljard is deur middel van die buitelandse plasing van aandele deur Suid-Afrikaanse maatskappye bekom, wat 'n neutrale uitwerking op die waarde van die goud- en ander buitelandse reserwes gehad het.

Die netto uitvloeiing van *korttermynkapitaal* nie verwant aan buitelandse reserwes nie maar met inbegrip van foute en onaangetekende transaksies, het van R3,0 miljard in die tweede kwartaal van 1997 tot R5,6 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Die vernaamste bydraende faktor tot die groter netto uitwaartse beweging van korttermynkapitaal in die derde kwartaal van 1997 was die skerp afname in die uitstaande buitelandse leningsverpligtinge van private banke. In teenstelling met die tweede kwartaal van 1997 toe die terugbetaling van buitelandse lenings deur die banksektor ten volle geneutraliseer is deur 'n opbouing van buitelandse laste in die vorm van buitelandsevaluta- en rand-betitelde deposito's deur nie-inwoners by plaaslike banke, het sodanige deposito's in die derde kwartaal met 'n aansienlik kleiner bedrag gestyg. Suid-Afrikaanse banke het ook hul eise op nie-inwoners met 'n bedrag van R0,8 miljard gedurende die derde kwartaal verhoog.

Die uitvloeiing van internasionale korttermynkapitaal gedurende die derde kwartaal van 1997 het waarskynlik verband gehou met die geleidelike daling in die eksterne waarde van die rand, die hoë koste van termyndekking vir uitstaande buitelandse finansiële verpligtinge en die betreklik maklike toegang tot binnelandse kredietbronne.



**Tabel 9. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie**

R miljarde

	1996				1997		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw	3e kw
Langtermynkapitaal							
Openbare owerhede .....	1,3	0,1	-0,2	2,1	1,1	11,2	2,1
Openbare korporasies.....	0,9	1,0	-0,8	2,5	1,4	6,1	0,9
Monetêre sektor .....	-0,2	-0,4	-0,2	-0,4	-0,2	-0,1	-0,3
Private sektor .....	2,3	1,2	1,1	-5,4	2,5	-1,5	5,0
<b>Totale langtermynkapitaal.....</b>	<b>4,3</b>	<b>1,9</b>	<b>-0,1</b>	<b>-1,2</b>	<b>4,8</b>	<b>15,7</b>	<b>7,7</b>
Korttermynkapitaal							
Monetêre sektor .....	-3,7	6,3	-0,4	8,6	2,6	5,3	-4,5
Ander, met inbegrip van onaange- tekende transaksies .....	-0,7	-6,7	-0,3	-4,1	-3,8	-8,3	-1,1
<b>Totale korttermynkapitaal .....</b>	<b>-4,4</b>	<b>-0,4</b>	<b>-0,7</b>	<b>4,5</b>	<b>-1,2</b>	<b>-3,0</b>	<b>-5,6</b>
<b>Totale kapitaalbewegings .....</b>	<b>-0,1</b>	<b>1,5</b>	<b>-0,8</b>	<b>3,3</b>	<b>3,6</b>	<b>12,7</b>	<b>2,1</b>

Suid-Afrikaanse individue het ook gedurende die derde kwartaal van 1997 tot die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal bygedra deur R274 miljoen in buitelandse rekeninge te deponeer. Dit is moontlik gemaak deur die gedeeltelike opheffing van deviesebeheermaatreëls op individue wat op 1 Julie 1997 in werking getree het.


#### Buitelandse skuld

As gevolg van die volgehoue netto terugbetaling van Suid-Afrika se buitelandse skuldverpligtinge, het die land se totale skuld betitel in buitelandse geldeenheide van VSA\$23,6 miljard aan die einde van 1996 tot \$23,4 miljard aan die einde van Junie 1997 gedaal. Buitelandse skuld wat in 1985 bestaan het en wat ingevolge opeenvolgende spesiale ooreenkomste met buitelandse krediteure heronderhandel is, het van \$2,7 miljard aan die einde van 1996 tot \$2,6 miljard aan die einde van Junie 1997 afgeneem, terwyl ander skuld wat in buitelandse geldeenheide betitel is oor dieselfde tydperk van \$20,9 miljard tot \$20,8 miljard gedaal het. Uitgedruk in rand en teen die wisselkoers wat ten tye van die omskakeling gegeld het, het buitelandse skuld betitel in buitelandse geldeenheide in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 18,6 persent aan die einde van Desember 1996 tot 18,5 persent aan die einde van Junie 1997 gedaal – baie minder as die verhouding van 43 persent aan die einde van 1985 toe die buitelandse skuldstilstand afgekondig is.

#### Buitelandse reserwes

Die kleiner netto invloeiing van kapitaal en die groter tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans het Suid-Afrika se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* in die derde kwartaal van 1997 met R1,2 miljard

laat daal. Gedurende die eerste nege maande van 1997 het die totale nuwe verdienstes van buitelandse reserwes egter steeds per saldo met R12,6 miljard toegeneem. In Oktober 1997 het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met nog R2,5 miljard gedaal. Die waarde van *nie-geldeenende buitelandse reserwes* wat aan die einde van Oktober 1997 deur die

**Buitelandse reserwes van die Reserwebank**




Reserwebank gehou is, het R18,6 miljard beloop, vergeleke met 'n bedrag van R10,3 miljard aan die einde van Desember 1996.

Deels as gevolg van 'n toename in die korttermyn buitelandse lenings van die Reserwebank, het die land se totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes van R30,7 miljard aan die einde van Junie 1997 tot R33,6 miljard aan die einde van September toegeneem. In Amerikaanse dollar gemeet, het dit neergekom op 'n styging van \$6,8 miljard aan die einde van Junie 1997 tot \$7,2 miljard aan die einde van September. In verhouding tot die waarde van die invoer van goedere en dienste, het die bruto reserwes van 9½ weke se invoer aan die einde van die tweede kwartaal van 1997 tot 10 weke aan die einde van die derde kwartaal toegeneem – meer as dubbel die “invoerdekking” van 'n jaar tevore. Die goudreserwes van die Reserwebank het van 3,8 miljoen fyn onse aan die einde van Junie 1997 tot 4,0 miljoen fyn onse aan die einde van September toegeneem. Die goudkomponent van die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes het desnieteenstaande van 16,9 persent aan die einde van Junie 1997 tot 16,1 persent aan die einde van September gedaal.


### Wisselkoerse

Ontwikkelings in die internasionale valutamarkte vanaf Junie tot Oktober 1997 is ernstig geraak deur gebeure in 'n aantal Suidoos-Asiatiese lande. Oor 'n tydperk van jare is hierdie ekonomieë gekenmerk deur buitensporige groei in geldvoorraad en kredietverlening, nie-handhaaf-

### Saldo op lopende rekening



### Reële effektiewe wisselkoerse





**Tabel 10. Veranderings in die wisselkoerse van die rand**

Persent

	31 Okt 1996 tot 13 Mrt 1997	13 Mrt 1997 tot 30 Jun 1997	30 Jun 1997 tot 31 Okt 1997	31 Des 1996 tot 25 Nov 1997
Geweegde				
gemiddelde.....	10,9	-3,9	-5,9	-0,9
VSA-dollar .....	7,7	-2,8	-6,0	-3,4
Britse pond .....	9,7	-6,4	-6,6	-3,0
Duitse mark .....	20,6	-0,1	-6,7	8,1
Japanse jen .....	16,2	-9,1	-1,2	6,3
Nederlandse				
gulden .....	20,9	-0,1	-6,6	8,6
Italiaanse lira .....	20,1	-2,3	-6,2	7,9

bare tekorte op die lopende rekening van hul betalings-balanse, aansienlike netto oop termynposisies in buitelandse valuta, nominale wisselkoerse vasgepen teenoor die dollar en gevolglik onvanpaste appresiasies van reële wisselkoerse. Besorgdheid oor die behoud van makro-ekonomiese ewewig in hierdie lande het tot die onttrekking van kapitaal gelei, wat spoedig ontwikkel het in grootskaalse wisselkoerskrisisse en die gevolglike implementering van streng beleidsmaatreëls om die struktureel swak ekonomieë reg te ruk, in sekere gevalle in samewerking met die Internasionale Monetêre Fonds. Van Junie tot September 1997 het die Thailandse baht met 37,2 persent, die Filippynse peso met 24,4 persent en die Indonesiese roepia met 22,6 persent teenoor die VSA-dollar gedeprimeer.

Die depresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar was van Junie tot Oktober matig in vergelyking met die sukkelende Asiatiese geldeenheide, hoofsaaklik vanweë die regstelling van die rand gedurende 1996 en die onderliggende gesonde stand van makro-ekonomiese bestuur in Suid-Afrika. Van die einde van Junie tot 31 Oktober 1997 het die rand met slegs 6 persent teenoor die dollar en met 5,9 persent teenoor 'n mandjie van geldeenheide gedeprimeer. Met die daling in internasionale finansiële markte op sy hewigste, het die rand betreklik bestendig gebly en op 'n nominale effektiewe grondslag met 2,4 persent van 27 Oktober tot 31 Oktober 1997 gedaal.

Die daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die derde kwartaal van 1997 was effens groter as die inflasieverskil tussen Suid-Afrika en sy belangrikste handelsvennootlande. Die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand het gevolglik vanaf Junie tot Augustus 1997 met 1,9 persent gedaal. Die vlak van die reële effektiewe wisselkoers in die eerste agt maande van 1997 was gemiddeld ½ persent laer as die gemiddelde vir die ooreenstemmende tydperk in 1996.


## Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte

### Geldvoorraad

Die groei van kwartaal tot kwartaal in die gemiddelde vlak van die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad* (M3) het teen 'n jaarkoers van 18,1 persent in die eerste kwartaal van 1997 tot 16,4 persent in die tweede kwartaal en 12,1 persent in die derde kwartaal afgeneem. Dit het die groei teen 'n jaarkoers in M3 nader gebring aan die riglyngebied vir aanvaarbare monetêre uitbreiding wat vir 1997 tussen 6 en 10 persent vasgestel is. Daarenteen het die groei oor twaalf maande in M3 gedurende die derde kwartaal van 1997 van 12,7 persent in Junie tot 16,3 persent in September versnel. Hierdie versnelling in die groeikoers oor twaalf maande in M3 vanaf Junie 1997 tot September was nie net die gevolg van groot toenames van maand tot maand nie, maar ook van 'n daling in die vlak van M3 in Julie 1996, wat die basis van die berekening oor twaalf maande verlaag het. In September 1997 het die seisoensaangepaste waarde van M3 die boonste perk van die riglyn-"tonnel" met R18,9 miljard of 5,5 persent oorskry. Bereken vanaf die basis van die riglynjaar in die vierde kwartaal van 1996, het M3 tot en met September 1997 teen 'n jaarkoers van 17,3 persent gegroei.

Die volgehoue vinnige groei in die geldvoorraad het deels verband gehou met die groei in die nominale binnelandse produksie en besteding aan verbruik en vaste investering in die eerste nege maande van 1997.

### M3-geldvoorraad





Ontwikkelings in die finansiële markte het ook klaarblyklik 'n invloed op die toename in geldbesit van die publiek gehad. 'n Ontleding van *banke se verpligtinge volgens soort deposant* toon dat die toename in bankdeposito's hoofsaaklik in deposito's in die besit van *maatskappye en beslote korporasies* gekonsentreer was. Hierdie deposito's het in die eerste drie kwartale van 1997 met R24,5 miljard toegeneem, wat aansienlik meer was as die toename van R7,1 miljard oor dieselfde tydperk in 1996. Deposito's van *private huishoudings* het ook gedurende die eerste drie kwartale van 1997 met 'n verdere R6,3 miljard toegeneem, na 'n toename van R8,9 miljard in die ooreenstemmende tydperk in 1996. *Institusionele beleggers* het klaarblyklik verkies om hul blootstelling in die effektemarkte te verhoog eerder as om deposito's te hou, soos weerspieël word in die depositobesit van versekeraars en pensioenfondse wat met R2,5 miljard in die eerste drie kwartale van 1997 toegeneem het, vergeleke met R8,0 miljard in die eerste drie kwartale van 1996.

Hoewel die groeikoerse oor twaalf maande in die *enger monetêre totale* dié van M3 gedurende die eerste nege maande van 1997 oor die algemeen oorskry het, het die groei in die enger monetêre totale oor korter tydperke tussen die vierde kwartaal van 1996 en die tweede kwartaal van 1997 laer geneig, maar in die derde kwartaal weer versnel. Die groei van kwartaal tot kwartaal teen 'n jaarkoers in die gemiddelde kwartaallikse waarde van M1 het byvoorbeeld van 39,9 persent in die vierde kwartaal van 1996 tot 'n negatiewe koers van 1,3 persent in die tweede kwartaal afgeneem, maar weer tot 21,4 persent in die derde kwartaal versnel. Van die vierde kwartaal van 1996 tot en met Augustus 1997 was daar 'n verskuiwing in die publiek se likiditeitsvoorkeur van kortertermyndeposito's na langertermyndeposito's by banke. Dit is grootliks deur verwagtings van dalings in langtermynkoerse en die waarskynlikheid van 'n naderende verlaging in amptelike uitleenkoerse aangespoor. Hierdie ontwikkelings is skielik in September 1997 omgekeer toe 'n grootskaalse verskuiwing terug na kortertermyndeposito's plaasgevind het. Dit kan dalk later blyk dat dit 'n eenmalige gebeurtenis was en nie noodwendig 'n teken van 'n permanente verhoging in die algemene publiek se voorkeur vir kortertermyndeposito's nie.

Die verloop van die belangrikste statistiese of rekeningkundige teenhangers van M3 het gedurende die tweede en derde kwartaal van 1997 aansienlik gewissel:

- toenames in eise teen die private sektor het die algehele verandering in M3 oorheers, maar nietemin van 'n toename van R14,2 miljard in die tweede kwartaal van 1997 tot R9,1 miljard in die derde kwartaal afgeneem;
- netto buitelandse bates van die monetêre instellings het in die derde kwartaal van 1997 matig toegeneem ná 'n aansienlik skerper styging in die tweede kwartaal;
- die bydrae van netto eise van die banke teen die

**Tabel 11. Rekeningkundige teenhangers van die verandering in M3**

R miljarde

	1997	
	2e kw	3e kw
Netto buitelandse bates .....	6,5	1,9
Netto eise teen die regering-		
sektor .....	-3,2	4,0
Eise teen die private sektor....	14,2	9,1
Netto ander bates.....	-11,3	0,9
<b>Totale verandering in M3 ...</b>	<b>6,2</b>	<b>15,8</b>

regeringsektor het verander van 'n afname van R3,2 miljard in die tweede kwartaal van 1997 in 'n toename van R4,0 miljard in die derde kwartaal; en

- "netto ander bates" het in die derde kwartaal effens met R0,9 miljard toegeneem nadat dit in die tweede kwartaal met R11,3 miljard afgeneem het toe surplusse weens die Reserwebank se betrokkenheid in die termynvalutamark en 'n daling in lenings ingevolge terugkoop-ooreenkomste 'n vernouende uitwerking op die monetêre sektor se netto ander bates gehad het.


#### Kredietverlening

Die koers van toename oor twaalf maande in *totale binnelandse kredietverlening* (dit wil sê kredietverlening van die monetêre sektor aan die private sektor en netto eise teen die regeringsektor) het van 17,1 persent in Desember 1996 tot 15,3 persent in September 1997 afgeneem. Die groeikoers van kwartaal tot kwartaal teen 'n jaarkoers in die gemiddelde vlak van totale kredietverlening het selfs meer beduidend van 23,6 persent in die eerste kwartaal van 1997 tot 6,1 persent in die derde kwartaal verlangsaam.


Die stadiger koers van toename in totale binnelandse kredietverlening in die derde kwartaal van 1997 was grootliks die gevolg van 'n afname in die groei in kredietverlening aan die *private sektor*. Die groeikoers oor twaalf maande in kredietverlening aan die private sektor het van 17,4 persent in April 1997 tot 14,3 persent in September teruggesak namate instansies in die *private sektor* op die gebruik van bankkrediet besnoei het. Hierdie maandelikse groeikoerse het nietemin steeds die inflasiekoerse soos gemeet deur veranderinge oor twaalf maande in die verbruikersprysindeks oorskry. Ten spyte van die verlangsaaming in kredietverlening aan die nie-bank private sektor, het kredietverlening deurgaans die groei in nominale bruto binnelandse besteding sedert die begin van 1995 met 'n aansienlike marge oortref. Die vinnige uitbreiding van kredietverlening deur die monetêre sektor aan die private sektor blyk ook duidelik uit die hoë vlak van die verhouding van kredietverlening aan die private



### Kredietverlening aan die private sektor en nominale bruto binnelandse besteding



### Kredietverlening aan die private sektor as persentasie van bruto binnelandse produk



sektor tot die bruto binnelandse produk wat 65,6 persent in die derde kwartaal bedra het – die tweede hoogste verhouding wat nog ooit aangeteken is.

'n Ontleding van die monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens *soort krediet* toon dat die groei in kredietverlening aan die private sektor in die derde kwartaal van 1997 grootliks uit *oortrokke rekeninge en ander lenings en voorskotte* bestaan het. Die koers van toename oor twaalf maande in hierdie soort krediet het sedert April 1997 nog elke maand 20 persent oorskry. Die sterk vraag deur die maatskappysektor na bedryfs-

kapitaal, lenings aan sukkelende besighede wat probeer oorleef in 'n tydperk van swak vraag en die omskakeling van buitelandse handelsfinansiering van buitelandse na binnelandse bronne van krediet, was onder die vernaamste redes wat aanleiding gegee het tot die toename in die korporatiewe vraag na bankkrediet.

Die groei oor twaalf maande in *verbandvoorskotte* het merkbaar van 14,7 persent in Junie 1997 tot 12,5 persent in September verlangsaam. Die groei oor twaalf maande in *afbetalingsverkoopkrediet* het ook van koerse hoër as 20 persent aan die begin van 1997 tot 14,3

**Tabel 12. Groeikoerse oor twaalf maande in vernaamste soort kredietverlening aan die private sektor**  
Persent

Tydperk	Beleggings	Wissels verdiskonteer	Afbetalings- verkope	Bruikhuur- finansiering	Verband- voorskotte	Ander lenings en voorskotte	Totaal
1997: Jan .....	2,6	-13,2	21,1	16,6	16,4	20,4	17,1
Feb .....	1,4	-2,2	20,2	15,1	16,3	21,2	17,3
Mrt .....	-1,5	-16,0	18,1	14,3	15,8	19,9	16,0
Apr .....	4,7	-6,2	19,5	12,9	15,5	22,7	17,4
Mei .....	10,2	-10,9	15,8	11,9	15,1	22,4	16,7
Jun .....	9,9	-15,8	14,3	8,9	14,7	23,3	16,4
Jul .....	15,8	-14,9	12,2	6,6	13,4	20,5	14,7
Aug .....	5,6	-0,7	11,6	5,6	12,8	21,5	14,6
Sep .....	-1,0	13,0	10,8	0,2	12,5	22,2	14,3



persent in Junie en 10,8 persent in September terug-sak. Net so het die groei oor twaalf maande in *bruik-huurfinsiering* van koerse hoër as 15 persent aan die begin van 1997 tot slegs 0,2 persent in September afgeneem.

Die verskuiwing in die relatiewe belangrikheid van kredietverlening deur die monetêre sektor van *huishoudings* na die *maatskappysektor* het in die derde kwartaal van 1997 voortgeduur. Kredietverlening aan huishoudings het met R4,6 miljard in die tweede kwartaal van 1997 en met R3,7 miljard in die derde kwartaal toegeneem, terwyl kredietverlening aan die maatskappysektor met R9,5 in die tweede kwartaal en R5,4 in die derde kwartaal toegeneem het. Uitgedruk as persentasieveranderings het die groei oor twaalf maande in kredietverlening aan huishoudings in September 1997 12,4 persent beloop - heelwat laer as die groei oor twaalf maande van 16,9 persent in kredietverlening aan die maatskappysektor gedurende dieselfde tydperk.


#### Rente- en opbrengskoerse

Vir die grootste deel van die eerste nege maande van 1997 was die oorheersende vooruitsig in die Suid-Afrikaanse effektemark dat effektepryse sou styg namate markdeelnemers handel gedryf het in die verwagting dat inflasie waarskynlik sou afneem, die wisselkoerse waarskynlik bestendig sou bly en dat amptelike uitleen-


koerse waarskynlik binnekort verlaag sou word. Buiten vir 'n betreklike kort tussenpose van Maart tot April 1997 toe onsekerhede oor die regering se fiskale beleidsoogmerke en later ook oor die moontlike uitwerking van die gedeeltelike verslapping van valutabeheer op inwoners veroorsaak het dat opbrengskoerse op effekte vir 'n wyle gestyg het, was die algehele stemming in die effektemark oorwegend optimisties. Hierdie positiewe sentiment het teen die einde van Oktober 1997 tot 'n einde gekom toe die onstuimigheid in Suidoos-Asiatiese finansiële markte dwarsdeur die wêreldwye finansiële netwerk, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse finansiële markte, weerklink gevind het.

Die *maandelikse gemiddelde opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte* het van 15,2 persent in April 1997 tot 14,2 persent in Julie afgeneem, 'n vlak wat in Augustus en September volgehou is. Die *daaglikse gemiddelde opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte* het daarna vir die eerste keer sedert Februarie 1996 tot onder 14 persent gedaal en 'n laagtepunt van 13,8 persent op 22 Oktober 1997 bereik. Die skerp daling in effektepryse in die Suidoos-Asiatiese markte het toe gevolg en die daaglikse gemiddelde opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte het tot 15,1 persent op 28 Oktober 1997 gestyg namate nie-inwonerbeleggers grootskaalse netto verkopers van effekte geword het. Ondanks die skerp toename in opbrengskoerse op

#### Opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte



#### Inflasie-aangepaste opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte





**Tabel 13. Rente- en opbrengskoerse**  
Persent

Tydperk	Bank- aksepte van 3 maande*	Maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte				Oorheersende koers op	
		Suid-Afrika		Verenigde State van Amerika		Verband- lenings	Vaste deposito's van 12 maande
		Nominaal	Reëel	Nominaal	Reëel		
1996: Nov.....	16,55	16,2	6,4	6,2	2,8	19,00	14,50
Des.....	17,00	16,2	6,3	6,4	2,9	20,00	14,50
1997: Jan.....	16,15	15,8	5,9	6,5	3,4	20,00	14,50
Feb.....	16,00	15,0	4,8	6,5	3,3	20,00	14,50
Mrt.....	16,05	15,2	5,1	6,7	3,8	20,00	14,50
Apr.....	15,95	15,2	4,9	6,8	4,3	20,00	14,50
Mei.....	15,85	15,1	5,1	6,7	4,4	20,00	14,50
Jun.....	15,30	14,7	5,5	6,4	4,1	20,00	14,50
Jul.....	15,05	14,2	4,8	6,2	3,9	20,00	14,50
Aug.....	14,95	14,2	5,2	6,3	4,0	20,00	14,50
Sep.....	14,85	14,2	5,7	6,1	3,8	20,00	14,50
Okt.....	14,90	14,0	6,2	6,0	3,8	20,00	14,50
Nov.....	...	...	...	...	...	19,00	13,50


\* Soos op maandeinde

effekte in die laaste week van Oktober, het die gemiddelde opbrengskoers in Oktober 1997 nogtans van 14,2 persent in die voorafgaande maand tot 14,0 persent afgeneem.

Die *maandelikse gemiddelde inflasie-aangepaste opbrengskoers op langtermynstaatseffekte*, wat oor die tydperk van Februarie 1997 tot Julie op ongeveer 5,0 persent afgeplat het, het tot 6,2 persent in Oktober toegeneem namate die maandelikse gemiddelde van nominale opbrengskoerse op effekte min of meer onveranderd gebly het en verbruikersprysinflasie oor een jaar taamlik sterk gedaal het. Hierdie beweging het die verskil tussen inflasie-aangepaste opbrengskoerse op staatseffekte in Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika vergroot tot vlakke wat moontlik 'n akkurater weerspieëling was van die verskille in die land- en geldeenheidsrisiko's van hierdie twee ekonomieë.

*Geldmarkrentekoerse* het vanaf April 1997 tot en met September 1997 oor die algemeen afwaarts beweeg. Die *koers op bankaksepte met 'n looptyd van drie maande*, wat redelik verteenwoordigend van die algemene beweging in geldmarkrentekoerse is, het van 16,05 persent aan die einde van Maart 1997 tot 14,85 persent aan die einde van September afgeneem. Hierdie afwaartse beweging was hoofsaaklik die gevolg van die ruimer geldmarktoestande in die tweede en derde

#### Bankkoers en geldmarkrentekoerse





kwartaal van 1997 asook die algemene verwagting van 'n verlaging in Bankkoers. Toe Bankkoers op 20 Oktober verlaag is, het die koers op bankaksepte van drie maande verder tot 14,20 persent op 23 Oktober gedaal, maar weer tot 15,20 persent op 28 Oktober gestyg toe geldmarktoestande na die onstuimigheid in die finansiële markte aansienlik strammer geword het. Teen die einde van Oktober het die koers op bankaksepte tot 14,90 persent teruggesak en gedurende die eerste drie weke van November min of meer op hierdie vlak gebly.

Die *tenderkoers op skatkiswissels van drie maande* het sedert die eerste kwartaal van 1997 in pas met ander geldmarkrentekoerse beweeg. Hierdie koers het van 15,79 persent aan die einde van Maart 1997 tot 14,69 persent aan die einde van September 1997 afgeneem. Dit het daarna tot 14,10 persent op 24 Oktober afgeneem voordat dit in die laaste dae van Oktober deur die gebeure in wêreldmarkte oorval is en weer tot 14,49 persent gestyg het. 'n Sterk vraag deur banke na bates wat as onderpand vir eerstevlak-akkommodasie kwalifiseer het die toename in die tenderkoers op skatkiswissels in die laaste dae van Oktober en in November in bedwang gehou.

'n Merkbare afwaartse beweging in opbrengskoerse op effekte oor die volle aflossingstruktuur het die *opbrengskoerskromme* van April 1997 tot 22 Oktober laer verskuif tot min of meer dieselfde vlak wat geheers het kort voordat die rand in Februarie 1996 begin depresseer het. Die daaropvolgende onstuimigheid in finansiële markte het korttermynopbrengskoerse tot en


met 28 Oktober met 96 basispunte verhoog, terwyl langtermynopbrengskoerse met 108 basispunte toegeneem het. Die opbrengskoerskromme is dus tot die vlak van April 1997 herstel, maar het steeds 'n negatiewe helling bly handhaaf terwyl dit selfs platter as vantevore geword het. Die opbrengskoerskromme het teen die einde van Oktober oor die volle aflossingstruktuur afwaarts beweeg. Te oordeel aan die algemene vlak en vorm van die opbrengskoerskromme is die uittog van kapitaal uit die opkomende markte duidelik in die hergradering van effektepryse in Suid-Afrika weerspieël.

Die uitleenkoerse van banke het sedert November 1996 betreklik bestendig gebly. Die *prima-oortrekkingskoers van banke* is op 21 November 1996 tot 20,25 persent verhoog en het op hierdie vlak gebly tot en met 20 Oktober 1997. Die verlengsaming in die groeikoerse van kwartaal tot kwartaal in die geldvoorraad en kredietverlening aan die private sektor gedurende die derde kwartaal en die hervatting van die afwaartse neiging in verbruikers- en produksieprysinflasie het die Reserwebank in staat gestel om 'n verlaging in Bankkoers van 17 persent tot 16 persent met ingang van 20 Oktober aan te kondig. Die banke het hierdie rigtingwyser gevolg deur hul *prima-oortrekkingskoerse* van 20,25 persent tot 19,25 persent in 'n reeks aanpassings vanaf 20 Oktober tot 1 November 1997 te verlaag. Die *inflasie-aangepaste prima-oortrekkingskoers* (dit wil sê die nominale *prima-oortrekkingskoers* aangepas met die toename in die verbruikersprysindeks oor twaalf maande) het egter van 11,3 persent aan die einde van September 1997 tot 10,9 persent aan die einde van Oktober 1997 afgeneem as gevolg van die skerp daling van 0,5 persentasiepunte in Oktober in die verbruikersprysinflasiekoers oor twaalf maande.

Die *oorheersende koers op nuwe verbandlenings by banke* is met een persentasiepunt tot 19 persent van 1 November 1997 verlaag in die nadraai van die verlaging van Bankkoers op 20 Oktober. *Vaste en maksimumkoerse vir huislenings* is egter met tot 1,5 persentasiepunte tussen Julie en September 1997 verlaag namate mededinging in die verbandmark verskerp het teen die agtergrond van trae handelstoestande en groeiende verwagtings van 'n verlaging in die verbanduitleenkoers.

Die *oorheersende kleinhandelskoers op vaste deposito's van twaalf maande* is met een persentasiepunt tot 13,5 persent in November 1997 verlaag. Die *standaardrentekoers* van toepassing op lenings wat uit die Staatsinkomstefonds toegestaan word, is op 14,0 persent vanaf 1 November 1997 vasgestel - 'n netto verlaging van 2,5 persentasiepunte sedert Desember 1996. Die *maksimum toelaatbare finansieringskoste-koerse* vir die meeste soorte lenings is met een persentasiepunt in Maart 1997 verhoog. Hierdie koerse kom nou te staan op 29 persent per jaar ten opsigte van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 maar minder as R500 000, en 32 persent vir bedrae tot en met R6 000.

## Opbrengskoerskrommes





## Geldmark

Die uiters stram geldmarktoestande in die eerste kwartaal van 1997 het in die tweede en derde kwartaal van 1997 aansienlik verruim. Die bedrag aan akkommodasie wat die Reserwebank aan banke verleen het, het van 'n gemiddelde daaglikse waarde van R10,6 miljard in Maart 1997 tot R6,3 miljard in Junie en tot R6,9 miljard in September afgeneem. Die daaglikse gemiddelde bedrag aan akkommodasie het daarna tot R5,3 miljard in Oktober afgeneem. Groot wisselings het egter in die loop van daardie maand voorgekom. Voor die verlaging in Bankkoers op 20 Oktober 1997 en in die dae net daarna het die daaglikse bedrag aan akkommodasie wat deur die Reserwebank verleen is tot onder R4 miljard gedaal. Te midde van die onvoorsiene en ontwrigtende ontwikkelings in die wêreld se finansiële markte het die bedrag aan akkommodasie wat deur die Reserwebank verleen is tot R10 miljard op 29 Oktober gestyg voordat dit effens tot R8,5 miljard op die laaste dag van die maand teruggesak het.

Die ruimer geldmarktoestande wat in die tweede kwartaal van 1997 geheers het was grootliks die gevolg van 'n verstewiging in die netto buitelandse bates van die Reserwebank wat slegs deels teengewerk is deur surplusse weens die Bank se termyntransaksies in die mark vir buitelandse valuta asook 'n toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank. Die ietwat strammer toestande in die derde kwartaal van 1997 was grootliks die gevolg van 'n afname van R1,7 miljard in die netto buitelandse bates van die Reserwebank. Hierdie afname in netto buitelandse bates het die afname van R0,5 miljard in regeringsdeposito's by die Bank teengewerk. Indien alle ander faktore onveranderd sou bly, sou die afname in regeringsdepositos by die Bank geldmarktoestande laat verruim het.

'n Afname in die netto buitelandse bates van die Reserwebank was hoofsaaklik verantwoordelik vir die

vernouing in geldmarktoestande teen die einde van Oktober 1997. Die moontlikheid van wanordelike handelstoestande as gevolg van wêreldwye finansiële probleme het die Reserwebank gedwing om likiditeit op 'n beperkte skaal aan die mark vir buitelandse valuta te voorsien. Dit het die gewenste stabiliserende uitwerking op die valutamark gehad, maar terselfdertyd het geldmarktoestande strammer geword. Die toename in die geldmarktekort het sommige banke genoodsaak om in die laaste dae van Oktober 1997 en in November oornaglenings teen onderpand van tweedevlakkbates by die Reserwebank aan te gaan.

Die Reserwebank se optrede in die geldmark gedurende die eerste tien maande van 1997 was oor die algemeen neutraal en daarop gemik om toe te laat dat die geldmarktekort die onderliggende kragte in die mark weerspieël en om groot wisselings in die bedrag aan akkommodasie wat aan banke verleen word, te voorkom. Gedurende Julie het die Reserwebank staats-effekte uit sy portefeulje van nulkoepon-effekte verkoop om likiditeit te dreineer wat voortgespruit het uit die repatriasie van die opbrengs van die verkoop van 'n minderheidsaandeel in Telkom aan 'n konsortium van buitelandse maatskappye.


## Effektemark

Die stappe wat maatskappye in die private sektor gedoen het om kapitaal te bekom was uitsluitlik op die primêre aandelemark in die eerste nege maande van 1997 gerig en maatskappye wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is, het gedurende hierdie tydperk *geen regte-uitgiftes van vasterentedraende sekuriteite* gemaak nie. 'n Bedrag van R2,2 miljard is gedurende 1996 in die geheel deur middel van hierdie instrumente bekom. Die enigste kapitaal wat in die *binnelandse primêre effektemark* deur maatskappye in die private sektor gedurende 1997 verkry is, het in Februarie plaasgevind met drie uitgiftes van effekte wat op die Effektebeurs van Suid-Afrika genoteer is tot 'n totale bedrag van R1,2 miljard. Hierdie was die eerste genoteerde effekte-uitgiftes van hierdie soort sedert Desember 1992.

Aangesien maatskappye in die private sektor hul van die binnelandse primêre effektemark weerhou het, is hierdie mark deurgaans deur die bedrywighede van *leners in die openbare sektor* oorheers. In die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 het netto-uitgiftes van vasterentedraende sekuriteite deur organisasies in die openbare sektor R9,3 miljard bedra, vergeleke met R11,7 miljard in die ooreenstemmende tydperk van die vorige fiskale jaar. Hierdie netto-uitgiftes het taamlik onbestendige bewegings van maand tot maand vertoon. Netto effekte-aflossings ten bedrae van R6,9 miljard is byvoorbeeld in Augustus 1997 gemaak.

Die Nasionale Regering het uitgiftes van effekte wat in vreemde geld betitel was tot 'n bedrag van R3,8 miljard in die *internasionale primêre effektemarkte* gedurende die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1997/98 gedoen. Eskom, Transnet en die Ontwikkelingsbank van

## Lenings by die akkommodasievenster






Suider-Afrika het ook 'n bedrag van R813 miljoen in die Euro-effektemark in die tydperk van April tot Oktober 1997 verkry deur die uitgifte van effekte wat in rand betitel is.

Die handelsbedrywigheid in die *sekondêre effektemark* het in die derde kwartaal van 1997 uiters lewendig geword namate die algemene afwaartse beweging in opbrengskoerse oënskynlik goed gevestig geraak het. Die kwartaallikse gemiddelde waarde van effekte wat op die Effektebeurs van Suid-Afrika verhandel is, het van R858 miljard in die eerste helfte van 1997 tot 'n rekordhoogtepunt van R1 182 miljard in die derde kwartaal toegeneem. 'n Skerp toename in *totale terugkooptransaksies* het wesenlik tot verhoogde omsette in die sekondêre effektemark bygedra; terugkooptransaksies as 'n persentasie van totale omset het van 49 persent in die eerste helfte van 1997 tot 56 persent in die derde kwartaal toegeneem. Totale omset het verder tot 'n maandelikse rekordhoogtepunt van R555 miljard in Oktober 1997 toegeneem vergeleke met 'n maandelikse gemiddeld van R394 miljard in die derde kwartaal van 1997. 'n Verdere stap is gedoen in die proses om die doeltreffendheid van verhandeling van effekte in Suid-Afrika te verbeter toe 'n nuwe vereffeningstelsel in die effektemark in November 1997 in gebruik geneem is. Die ou stelsel van vereffening op die tweede Donderdag nadat 'n transaksie aangegaan is, is vervang deur 'n stelsel van vereffening op die derde dag nadat 'n transaksie aangegaan is.


Die waarde van transaksies in die sekondêre effektemark waarby *nie-inwonerbeleggers* betrokke was, het van R347 miljard in 1996 tot R887 miljard in die eerste tien maande van 1997 toegeneem. As 'n persentasie van die totale aankope en verkope van effekte, het aankope en verkope deur nie-inwoners van 5,7 persent in 1996 tot 17,2 persent in Oktober 1997 toegeneem. *Terugkooptransaksies* het ook onder nie-inwonerbeleggers in gewildheid toegeneem; hierdie soort transaksies as 'n persentasie van aankope van effekte deur nie-inwoners het van 41 persent in die eerste helfte van 1997 tot 54 persent in die derde kwartaal toegeneem.

Aangesien opbrengskoerse in die binnelandse effektemark betreklik gunstig was en die vooruitsigte vir volgehoue bestendigheid van die rand goed was, het *nie-inwoners* hoofsaaklik *netto aankopers* van effekte in die eerste nege maande van 1997 gebly. Die maandelikse waarde van hierdie netto aankope het egter van 'n rekordhoogtepunt van R4,7 miljard in April 1997 tot 'n maandelikse gemiddelde van R1,7 miljard vanaf Mei tot September afgeneem. In Oktober 1997 het nie-inwoners netto verkopers van effekte ten bedrae van R5,2 miljard geword. Hierdie verandering in optrede is aangespoor deur 'n begeerte om winste te realiseer toe opbrengskoerse op effekte in die eerste drie weke van Oktober skerp gedaal het, onsekerheid oor die volgehoue bestendigheid van die wisselkoers van die rand en kommer dat die onstuimigheid in wêreldmarkte na die binnelandse finansiële markte kan versprei.

#### Deelname van nie-inwoners op die Effektebeurs\*



#### Deelname van nie-inwoners in die sekondêre effektemark





**Tabel 14. Nie-inwoners se transaksies in die effekte- en aandelemarkte**  
R miljarde

Tydperk	Effekte			Aandele		
	Aankope	Verkope	Netto aankope	Aankope	Verkope	Netto aankope
1996: 1e kw .....	30,7	28,3	2,4	10,7	8,4	2,3
2e kw .....	44,0	43,6	0,4	11,0	9,0	2,0
3e kw .....	49,5	50,1	-0,6	9,1	7,6	1,5
4e kw .....	50,9	49,7	1,2	10,7	11,2	-0,5
1997: 1e kw .....	85,4	79,3	6,1	14,3	10,8	3,5
2e kw .....	100,7	93,3	7,4	19,4	11,2	8,2
3e kw .....	171,9	165,9	6,0	23,6	15,7	7,9

#### Aandelemark

Die vraag na kapitaal in die *primêre aandelemark* het 'n duidelik opwaartse neiging in die eerste nege maande van 1997 getoon. Die waarde van *kapitaal wat verkry is* het van R7,9 miljard in die eerste kwartaal van 1997 tot R12,2 miljard in die tweede kwartaal en R19,2 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Van die totale bedrag van R39,3 miljard wat in die primêre aandelemark gedurende die eerste drie kwartale van 1997 verkry is, was R17,2 miljard of bykans 44 persent in die vorm van aandele wat uitgereik is vir die verkryging van bates wat nog nie op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer was nie.


In die *sekondêre aandelemark* het die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs verhandel is, van R41,2 miljard in die eerste kwartaal van 1997 tot R51,0 miljard in die tweede kwartaal en R58,7 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Die skielike en skerp daling in aandelepryse op 23 Oktober 1997 het 'n vlag van handelsbedrywigheid veroorsaak, wat die waarde van aandeleverhandeling tot R21,8 miljard in Oktober laat styg het vergeleke met 'n gemiddelde maandelikse omset van R19,6 miljard in die voorafgaande drie kalendermaande.

*Nie-inwoners* was baie bedrywig in die verhandeling op die Johannesburgse Aandelebeurs en hul aankope en verkope van aandele het 31,7 persent van die totale aankope en verkope van aandele in die eerste tien maande van 1997 uitgemaak. Netto aankope van aandele deur nie-inwoners het hul netto aankope van effekte trouens met 'n bedrag van R2,7 miljard in die tweede en derde kwartaal van 1997 oortref. Dit was 'n taamlik merkbare verandering vanaf die vierde kwartaal van 1996 en die eerste kwartaal van 1997 toe netto *aankope* van effekte deur nie-inwoners R4,3 miljard meer was as hul netto aankope van aandele. Met die wêreldwye ineenstorting van die aandelemarkte in Oktober 1997, het die netto aankope van aandele deur nie-inwoners tot R3,8 miljard in daardie maand

toegeneem, vergeleke met 'n bedrag van R2,3 miljard in September en netto *verkope* van effekte ten bedrae van R5,2 miljard in Oktober.

Na 'n tydperk van konsolidasie wat bykans 'n jaar geduur het, het die *maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele* op die Johannesburgse Aandelebeurs per saldo met 14,6 persent van Desember 1996 tot Augustus 1997 toegeneem. 'n Mate van onsekerheid het toe posgevat, wat veroorsaak het dat die maandelikse gemiddelde vlak van die indeks van alle aandelepryse met 2,8 persent in September 1997 afgeneem het,

#### Nie-inwoners se kwartaallikse netto transaksies in die sekondêre kapitaalmark






**Tabel 15. Opbrengskoerse en prysverhoudings**

Tydperk	Dividend- opbrengskoers Persent	Verdienste- opbrengskoers* Persent	Prysverdiens- te-verhouding* verhouding*	Rendementsgaping Persentasiepunte
1996: Des .....	2,46	7,01	14,27	13,73
1997: Jan .....	2,46	6,89	14,51	13,36
Feb .....	2,37	6,68	14,96	12,66
Mrt .....	2,40	6,62	15,11	12,76
Apr .....	2,41	6,66	15,01	12,83
Mei .....	2,40	6,70	14,93	12,68
Jun .....	2,37	6,87	14,55	12,35
Jul .....	2,31	6,56	15,23	11,90
Aug .....	2,33	6,59	15,17	11,91
Sep .....	2,44	6,77	14,76	11,74
Okt .....	2,53	7,13	14,03	11,52

\* Uitgesonderd goudmynaande

voordat die skerp daling van aandelepryse in die laaste week van Oktober die maandelikse gemiddelde indeks waarde met 3,4 persent in daardie maand laat

#### Aandeleprysindekse van alle klasse aande



daal het. Vergeleke met die "ineenstorting" van 1987 was die insinking in aandelepryse in Oktober 1997 nog steeds betreklik matig - die indeks van alle klasse aandelepryse het met soveel soos 45 persent van 19 Oktober 1987 tot 12 Februarie 1988 afgeneem, terwyl die afname van die jongste daaglikse hoogtepunt op 7 Augustus 1997 tot 28 Oktober 21 persent was. Die maandelikse gemiddelde pryse van goudmynaande, wat erg beïnvloed is deur 'n daling van ongeveer VSA\$68 in die prys van goud per fyn ons, het met 44 persent van Mei 1996 tot Oktober 1997 afgeneem.

Die maandelikse gemiddelde *dividendopbrengskoers* op alle klasse aande het van 2,46 persent in Desember 1996 tot 2,31 persent in Julie 1997 afgeneem, maar daarna weer tot 2,53 persent in Oktober toegeneem. Die maandelikse *gemiddelde verdienste-opbrengskoers* (goudmynaande uitgesonder) het dienoreenkomstig van 7,01 persent in Desember 1996 tot 6,56 persent in Julie afgeneem, voordat dit tot 7,13 persent in Oktober toegeneem het. Die *rendementsgaping* tussen langtermynstaatseffekte en alle klasse aande het van 13,7 persentasiepunte in Desember 1996 tot 11,5 persentasiepunte in Oktober 1997 verklein namate die opbrengskoers op staatseffekte oor die algemeen afgeneem het terwyl die dividendopbrengskoers op aande min of meer onveranderd gebly het. Die *prysverdiens-te-verhouding* van alle klasse aande, met die uitsluiting van goudmynaande, was gemiddeld sowat 14,9 oor die tydperk van Januarie tot September 1997, maar het daarna tot 14,0 in Oktober afgeneem.

#### Ander finansiële markte

Die bedrywigheid in die *formele mark vir afgeleide instrumente* vir aande- en rentekoerstermyn- en -opsiekontrakte het van 'n rekordhoogtepunt van 3,4 miljoen kontrakte in die eerste kwartaal van 1997 tot 2,5



miljoen in die tweede kwartaal en 2,2 miljoen in die derde kwartaal afgeneem. Die omvang van verhandeling in die eerste tien maande was nietemin steeds 21 persent groter as in die eerste tien maande van 1996. Nie-inwonerdeelname in die mark vir afgeleide instrumente het egter van 15,8 persent van die oop posisie in Januarie 1997 tot 26,9 persent in Oktober toegeneem.

In teenstelling met die voortgesette toenames in die waarde van die omset in die aandelemark, het die kwartaallike totaal van *aandeletermyn- en -opsiekontrakte* in die eerste drie kwartale van 1997 deurgaans afgeneem, maar in Oktober 1997 skerp toegeneem as gevolg van verhoogde onbestendigheid in die aandelemark. Die hoë vlak van bedrywigheid in die effektemark het egter bygedra tot sowel *rentekoerstermyn- as -opsiekontrakte* wat van 'n kwartaallike totaal van 6 500 kontrakte in die eerste kwartaal van 1997 tot 9 200 kontrakte in die tweede kwartaal en 12 200 kontrakte in die derde kwartaal toegeneem het.


Sedert hul bekendstelling in Mei 1997 is altesaam 365 *rand-dollar-termynkontrakte* tot aan die einde van Oktober 1997 verhandel. Die gebrek aan belangstelling in hierdie kontrakte kan waarskynlik aan die hoë vlak van likiditeit in die onderliggende kontantmark en oor-die-toonbank-termynmark in buitelandse valuta toegeskryf word.

Verhandeling in die *landboutermynmark vir mielies* het aansienlik van 2 700 kontrakte in 1996 tot 11 900 kontrakte in die eerste tien maande van 1997 toegeneem. Verhandelings in die termynmark vir *koring* het in

November 1997 begin. In September 1997 is *aandele-opsiekontrakte* bekend gestel wat nuwe verskansingsgeleenthede op ses individuele aandele bied. Tot aan die einde van Oktober is 70 750 kontrakte verhandel. Die Johannesburgse Aandelebeurs het boonop in Oktober 1997 'n *formele sekuriteitsregtemark* bekend gestel. Hierdie sekuriteitsregte is oordraagbare sekuriteite wat op bepaalde individuele aandele van toepassing is en word deur 'n sekuriteite-onderneming uitgereik. Dit gee aan die houer die reg, maar nie die verpligting nie, om 'n vasgestelde aantal sekuriteite in 'n genoteerde maatskappy teen 'n vasgestelde prys op of voor 'n bepaalde datum te koop of te verkoop.

Handelstoestande in die *vaste-eiendomsmark* het taamlik traag gebly namate die waarde van transaksies in die eerste agt maande van 1997 met-slegs 1 persent toegeneem het teenoor die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar, terwyl die aantal transaksies met omtrent 2 persent oor dieselfde tydperk afgeneem het. Dit word verwag dat die bedrywigheid in die vaste-eiendomsmark moontlik sal baat by die onlangse verlaging in verbandkoerse.

## Transaksies in vaste eiendom





## Openbare finansies

### Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die leningsbehoefte van die openbare sektor (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en nie-finansiële openbare sakeondernemings en openbare korporasies) het op 'n tipiese seisoenale wyse van R12,5 miljard in die tydperk April tot Junie 1997 tot R9,7 miljard in die tydperk Julie tot September afgeneem. Die opgehoopde tekort van R22,2 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 was nietemin R3,9 miljard groter as wat dit in die eerste helfte van die fiskale jaar 1996/97 was. Hierdie toename het die leningsbehoefte van die openbare sektor in verhouding tot die bruto binnelandse produk in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 op 7,4 persent te staan gebring, vergeleke met 6,7 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1996/97.

Die toename in die leningsbehoefte van die openbare sektor vanaf die fiskale jaar 1996/97 tot die fiskale jaar 1997/98 kan hoofsaaklik aan die verswakking in die finansies van die provinsiale regerings toegeskryf word: die finansiële tekort van die provinsiale regerings het van R0,5 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1996/97 tot R4,3 miljard in die eerste helfte van 1997/98 verswak. Hierdie toename in die tekort van die provinsiale regerings kan toegeskryf word aan die volgehoue hoë vlakke van besteding aan onderwys, gesondheids-

en welsynsdienste, sowel as salaris- en loonverhogings wat op 1 Julie 1997 in werking getree het, sonder 'n bykomende oordrag van fondse deur die Nasionale Regering.


Veranderings in die algemene owerheid se besteding en ontvangste het opsigtelik uiteengeloop in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98. Hoewel die groeikoers van jaar tot jaar in totale besteding in die eerste helfte van die fiskale jaar 1996/97 van 14,6 persent tot 11,4 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 afgeneem het, het die groei oor een jaar in die algemene owerheid se ontvangste nog meer afgeneem van 14,2 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1996/97 tot 8,9 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98. Die onmiddellike oorsaak van die ongelyke groei in ontvangste en besteding is die afname in die groeikoers van jaar tot jaar in belastingontvangste van 14,1 persent in die eerste helfte van 1996/97 tot 10,1 persent in die eerste helfte van 1997/98.

### Skatkisrekening


Die tekort op die Skatkisrekening as persentasie van die bruto binnelandse produk was in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 aansienlik hoër as die mikpunt wat in die Begroting vir die volle fiskale jaar gestel is. Die betreklike groot tekort in die eerste helfte van die jaar weerspieël 'n groter bestedingsgroei as die normale seisoenspatroon en 'n laer groei in ontvangste as wat in die begroting voorsien was.

In die eerste helfte van 1997/98 het die koers van

### Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk



### Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente





toename oor een jaar in *skatkisuitreikings* aan staatsdepartemente (aangepas om kontantvloeiinge te weerspieël) 7,9 persent bedra, wat merkbaar hoër was as die begrote raming van 6,1 persent vir die jaar in die geheel. Wanneer begrote uitgawes vir die fiskale jaar 1997/98 vergelyk word met werklike skatkisuitreikings in 1996/97, behoort owerheidsbesteding in die fiskale jaar 1997/98 met slegs 5,4 persent te groei. Die koers van toename van jaar tot jaar in skatkisuitreikings was gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 egter heelwat laer as die gemiddelde koers van toename van jaar tot jaar van 14,0 persent wat in die eerste helfte van die voorafgaande vyf fiskale jare aangeteken is. Gevolglik het skatkisuitreikings aan staatsdepartemente in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 'n koers van 32,4 persent in die eerste helfte van fiskale jaar 1996/97 tot 31,9 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 gedaal.

In Oktober 1997 het skatkisuitreikings met 1,7 persent teenoor Oktober 1996 gedaal, wat die koers van toename van jaar tot jaar in hierdie uitreikings in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1997/98 op 6,5 persent te staan gebring het. Skatkisuitreikings was gedurende hierdie tydperk gelyk aan 58,9 persent van die totale besteding van R186,7 miljard wat vir die jaar in die geheel begroot is.

Van die eerste helfte van die fiskale jaar 1996/97 tot die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 het die koers van toename in *skatkisontvangste* (opbrengste uit privatisering en die verkoop van strategiese oliereserwes

**Tabel 16. Persentasietoename in staatsinkomste**

	Begrote toename: fiskale jaar 1997/98	Werklike toename: eerste helfte 1997/98
Skatkisontvangste .....	11,2	9,4
Doeane- en aksynsregte .....	8,0	-0,4
Binnelandse inkomste .....	11,7	11,6
Inkomstebelasting .....	13,5	12,4
Belasting op toegevoegde waarde .....	11,4	9,8


uitgesluit) 9,4 persent bedra, teenoor 'n begrote toename van 11,2 persent vir die fiskale jaar 1997/98 in die geheel en 'n gemiddelde koers van toename van 13,0 persent vir die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande vyf fiskale jare.

Die koers van toename van jaar tot jaar in ontvangste van binnelandse inkomste was in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 min of meer in lyn met die begrotingsvooruitskattings. In teenstelling hiermee was die invorderings van doeane- en aksynsregte ver onder die begrotingsoogmerke. Die afwyking tussen die werklike en geprojekteerde inkomste uit doeane- en aksynsregte was die gevolg van die versnelde implementering van die tariefverlagings waarop ooreengekom is in die Finale Akte van die Uruguay Rondte van handelsonderhandelings en in die Marrakesh-ooreenkoms, ingevolge waarvan die Wêreld Handelsorganisasie gestig is. Die invorderings van belasting op toegevoegde waarde was ook laer as die begrote groeikoers aangesien private verbruiksbesteding in gebreke gebly het om aan die verwagtings ten tye van die Begroting te voldoen.

In verhouding tot die bruto binnelandse produk het skatkisontvangste in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 25,5 persent bedra – 'n rapsie minder as die verhouding van 25,6 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1996/97. Vergeleke met Oktober 1996 het skatkisontvangste in Oktober 1997 met 5,4 persent gedaal. Dit het die koers van toename in skatkisontvangste in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1997/98 op 6,6 persent te staan gebring, wat 56,7 persent verteenwoordig van die totale inkomste van R162 miljard wat vir die jaar in die geheel begroot is.


Die netto gevolg van die laer-as-begrote inkomste en die hoër-as-begrote uitgawes was 'n tekort voor lenings en skuldaflissing van R19 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het hierdie tekort 6,4 persent bedra. Hierdie verhouding vergelyk met 'n verhouding van 6,8 persent in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1996/97 en 'n begrote tekort van 4,0 persent van die bruto binnelandse produk vir die fiskale jaar 1997/98 in die geheel. In die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1997/98 het die tekort voor lenings en skuldaflissing

#### Begrote en werklike skatkisontvangste






### Skatkistekort in eerste sewe maande as persentasie van begrote tekort



### Totale staatskuld as persentasie van bruto binnelandse produk



R18,2 miljard of 73,5 persent van die begrote tekort vir die fiskale jaar in die geheel bedra.

Die wyse waarop die tekort van R19,0 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 gefinansier is, word in Tabel 17 getoon. Langtermynstaatsseffekte was steeds die belangrikste skuldinstrument waarmee finansiering gedoen is. Skatkiswissels het R7,4 miljard tot die totale finansiering bygedra, waarvan R3,6 miljard deur die Korporasie vir Openbare Deposito's en R2,9 miljard deur private banke opgeneem is. Spesiale skatkiswissels met 'n looptyd van drie dae is gedurende die derde kwartaal uitgereik by geleenthede toe die kontantbalanse van die regering byna uitgeput was. 'n Bedrag van R0,5 miljard is op 1 September 1997 op hierdie wyse bekom en 'n verdere bedrag van R1,0 miljard op 22 September. Die netto resultaat van die regering se lenings-bedrywighede was 'n toename in die staatskuld van R310,6 miljard of 55,9 persent van die bruto binnelandse produk aan die einde van Maart 1997 tot R334,7 miljard of 57,4 persent van die bruto binnelandse produk aan die einde van September.

**Tabel 17. Finansiering van die tekort – April tot September 1997**

Bron van finansiering	R miljarde
Staatseffekte (diskonto ingesluit).....	12,6
Min: Diskonto op nuwe staatseffekte .....	2,3
<b>Netto ontvangste van staatseffekte uitgereik .....</b>	<b>10,3</b>
Skatkiswissels .....	7,4
Buitelandse lenings.....	3,4
Nie-bemerkbare sekuriteite .....	-0,1
Aflossing van Namibiese skuld.....	-0,2
Aflossing van Artikel 239-skuld* .....	-3,5
Oordrag vanaf IMF-rekeninge .....	0,3
Buitengewone ontvangste .....	2,9
Toename in beskikbare kontantsaldo's** ....	-1,5
<b>Totale netto finansiering .....</b>	<b>19,0</b>

\* Voormalige onafhanklike republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei en selfregerende gebiede.

\*\* Ingesluit in die toename in beskikbare kontantsaldo's is 'n bedrag van R345 miljoen wat na die IMF oorgeplaas is, maar nog nie ten volle in die Skatkisrekening verreken is nie.



# Verklaring oor die Bankkoers

Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

17 Oktober 1997

Die meeste van die finansiële groothede waarop die Reserwebank sy besluite oor monetêre beleid grond, het onlangs in die regte rigting beweeg, en regverdig nou 'n verlaging in die Bankkoers. In sekere gevalle, soos byvoorbeeld in die geval van die geldvoorraad, oorskry die huidige vlak van die groeikoers steeds dít wat as gewens vir standhoudende finansiële stabiliteit beskou word, maar onlangse dalings in hierdie vlak is nietemin bemoedigend.

Die M3 geldvoorraad het oor die twaalf maande tot Augustus 1997 met 13,9 persent gestyg, wat laer is as die 15,9 persent wat in April vanjaar aangeteken is, maar wat nogtans ver buite die Reserwebank se riglyn van 'n styging van 10 persent in die huidige kalenderjaar val. In die onlangse verlede, en meer spesifiek van Junie tot Augustus 1997, was die styging in M3, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarcoers, egter slegs 11,4 persent gewees.

Die coers van toename in die hoeveelheid krediet wat aan die private sektor verleen is, gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het insgelyks gedaal van 17,4 persent in April 1997 tot 14,6 persent in Augustus 1997. Oor die driemaande-tydperk van Junie tot Augustus 1997 het die totale bedrag van bankkredietverlening aan die private sektor, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarcoers, inderdaad tot die lae vlak van 5,9 persent gedaal.

Die Reserwebank is ook deur die ommekeer sedert vroeër vanjaar in die stygende neiging in sowel die verbruikersprys- as produksieprysindekse bemoedig. In die geval van verbruikerspryse het die styging in die algehele indeks 'n hoogtepunt van 9,9 persent in April behaal, voordat dit tot 8,7 persent in Augustus 1997 gedaal het. Die coers van verandering in die produksieprysindeks het van 9,6 persent in Maart 1997 tot 5,9 persent in Augustus gedaal.

Ná die depresiasie van 21,9 persent verlede jaar, het die wisselcoers van die rand weer gestabiliseer. Op 16 Oktober 1997 was die nominale effektiewe wisselcoers van die rand ongeveer 2½ persent bokant die vlak van 31 Desember 1996. Die totale bruto goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank het ook van R10,3 miljard aan die einde van die vorige jaar tot R26,5 miljard aan die einde van verlede maand gestyg.

Suid-Afrika het nou met sukses die ontstuiwigheid in die buitelandse valutamark van verlede jaar deurstaan, en het in 'n belangrike mate daarin geslaag om 'n eskalasie van die nadelige gevolge van die depresiasie op die binnelandse finansiële toestande te voorkom. Daar is nogtans goeie gronde vir 'n versigtige benadering tot die verslapping van monetêre beleid, veral as die voortdurende senuagtigheid in die buitelandse valutamarkte van verskeie Oos-Asiatiese lande in ag geneem word. In baie van hierdie lande is probleme deur 'n lang tydperk

van uitermatige geld- en kredietgroei en onvolhoubare vlakke van rente- en wisselcoerse veroorsaak.

Met inagneming van al hierdie finansiële ontwikkelings is die Reserwebank tevrede dat 'n verlaging van 1 persentasiepunt in die Bank se uitleenkoerse aan bankinstellings nou geregverdig kan word. Derhalwe sal die Bankkoers vanaf Maandag 20 Oktober 1997 van 17 tot 16 persent per jaar verlaag word. Al die verwante rentekoerse van die Reserwebank sal insgelyks met 1 persentasiepunt verlaag word.

Die meeste van die meer sensitiewe markrentekoerse, soos die Skatkiswisseltendercoers, coerse op bankaksepte en verhandelbare depositosertifikate, en die opbrengs op langtermynstaatsseffekte, het reeds 'n daling van ten minste 1 persentasiepunt in die Bankkoers verdiskonteer. Dit kan verwag word dat die uitleenkoerse van bankinstellings nou die daling in die Bankkoers sal volg. Bankinstellings word egter versoek om nog steeds versigtig te bly met die verlening van bykomende krediet, en om voort te gaan om die monetêre owerhede in hul strewe na uiteindelijke finansiële stabiliteit te ondersteun.

Die vordering wat tot dusver gemaak is in die totstandbrenging van beter finansiële stabiliteit behoort by te dra tot die algehele oogmerk van Suid-Afrika om ekonomiese ontwikkeling te stimuleer en om meer werkgeleenthede tot voordeel van alle Suid-Afrikaners te skep. Die handhawing van 'n stabiele algehele finansiële omgewing moet aanvaar word as 'n belangrike voorvereiste vir ekonomiese groei op 'n hoër vlak, soos beoog deur die Regering se *Makro-ekonomiese Strategie vir Groei, Werkverskaffing en Herverdeling*.



# Notas oor 'n saamgestelde leidende aanwyser van inflasie

deur W.S. Pretorius

## Inleiding

In baie lande word leidende aanwysers gebruik om die draaipunte in die konjunktorele beweging van die *ekonomiese bedrywigheid* te voorspel. Hoewel leidende aanwysers vir die toekomstige ontplooiing van *prys-inflasie* ewe verdienstelik is, het dit nie in dieselfde mate aandag geniet nie.

Die hoofdoel van monetêre beleid<sup>1</sup> is om die waarde van die geldeenheid te beskerm. Hierdie taak word bemoeilik deur die lang en wisselende sloerings tussen veranderinge in die stand van monetêre beleid en die uiteindelijke uitwerking daarvan op inflasie. Die sloering tussen veranderinge in monetêre beleid en die volle uitwerking daarvan op inflasie kan tot twee en 'n half jaar duur. Dit beteken dat besluite oor monetêre beleid toekomstgerig moet wees en dat beleidmakers inligting behoort te gebruik wat toekomstige inflasie kan aandui. Betroubare voorspellings van inflasie is derhalwe belangrik.

Die doel met hierdie nota is om 'n saamgestelde aanwyser aan die hand te doen wat in staat behoort te wees om die bewegings in inflasie vooraf te gaan. Die oogmerk is nie soseer om die omvang van inflasie te voorspel nie, maar bloot om moontlik belangrike veranderinge in die rigting van inflasie aan te dui.

## Verwysingsdatareeks

Die algemeen aanvaarde maatstaf van inflasie is die persentasieverandering oor tydperke van twaalf maande in die omvattende verbruikersprysindeks. Hierdie statistiese tydreeks het egter sekere tekortkominge wanneer dit as verwysingsreeks vir 'n leidende aanwyser van inflasie gebruik moet word.

'n Styging in rentekoerse sal waargenome inflasie byvoorbeeld regstreeks verhoog aangesien die Suid-Afrikaanse verbruikersprysindeks die verbandkoers as 'n komponent van huiseienaarskoste insluit. Toenames in rentekoerse het egter ten doel om inflasie op 'n onregstreekse wyse te verminder deur middel van hul medium- tot langtermyn uitwerking op besparing en verbruik. Om hierdie oënskynlike teenstrydigheid te vermy behoort huiseienaarskoste dus vir die doel van hierdie


oefening van die omvattende verbruikersprysindeks uitgesluit te word.

Benewens monetêre beleidstappe word sekere fiskale beleidsmaatreëls dikwels toegepas ter wille van breër makro-ekonomiese oogmerke, ondanks die potensiële prysverhogende uitwerking wat dit op die kort termyn op die algemene vlak van pryse kan hê. In die besonder behoort die prysverhogende uitwerking van belasting op toegevoegde waarde (BTW) byvoorbeeld verkieslik van die verbruikersprysindeks uitgesluit te word om 'n meer betroubare verwysingsreeks van inflasie te bekom.

Die persentasieverandering oor twaalf maande in die omvattende verbruikersprysindeks waarvan huiseienaarskoste en belasting op toegevoegde waarde uitgesluit is, is daarom die verwysingsdatareeks van inflasie wat in hierdie nota gebruik word (sien Grafiek 1).

Daar kan aangevoer word dat die pryse van voedsel wat meermale beïnvloed word deur ongewone klimaatstoestande ook van die verbruikersprysindeks uitgesluit behoort te word. Dit sal die verwysingsdatareeks reduseer tot wat oor die algemeen as onderliggende inflasie bestempel word. Voedsel beslaan egter 'n aansienlike deel van verbruiksbesteding. (Die

**Grafiek 1: Verwysingsdatareeks van verbruikersprysinflasie**



<sup>1</sup> Om die uiteindelijke doel van prysstabiliteit te bereik bepaal die monetêre owerhede 'n aanvaarbare groeikoers vir die geldvoorraad as 'n intermediaire doelstelling. Die groei in die geldvoorraad word dan deur veranderinge in die beskikbare hoeveelheid likiditeit in die bankstelsel en in die koste van finansiering van die geldmarktekort beïnvloed.




gemiddelde gewig van voedsel in die omvattende verbruikersprysindeks is bykans 20 persent en dit wissel van omtrent 45 persent in die geval van baie lae bestedingskategorieë tot 15 persent in die hoogste bestedingskategorieë). Die invloed van voedselpryse is voorts oor 'n groot verskeidenheid van maandelike leidende aanwysers versprei wat enige poging kortwiek om die uitwerking van voedselpryse op 'n saamgestelde leidende aanwyser uit te skakel. Gevolglik is besluit om voedsel nie van die verwysingsdatareeks uit te sluit nie. Aangesien die pryse van voedsel egter van tyd tot tyd onderhewig is aan onverwagse skommelings, kan dit aanleiding gee tot ooreenstemmende bewegings in die verwysingsdatareeks. Hoewel die verskeie maandelike leidende aanwysers met die verwysingsdatareeks

**Tabel 1. Draaipunte van inflasie**

	Omvattend	Verwysing	Onderliggend
Trog .....	Feb 1984	Aug 1984	Aug 1984
Piek .....	Jan 1986	Jan 1986	Jan 1986
Trog .....	Aug 1988	Okt 1988	Okt 1988
Piek .....	Jun 1989	...	...
Trog .....	Jul 1990	...	...
Piek .....	Okt 1991	Jul 1991	Jul 1991
Trog .....	Apr 1994	...	...
Piek .....	Apr 1995	...	...
Trog .....	Apr 1996	Okt 1995	Mei 1996

**Grafiek 2: Omvattende, verwysings- en onderliggende verbruikersprysinflasie**



vergelyk sal word, kan die verwantskappe tussen hierdie aanwysers en onderliggende en omvattende inflasie steeds waardevol wees om bepaalde bewegings in inflasie te verklaar (sien Grafiek 2).

Volgens Tabel 1 toon die draaipunte van die verwysingsdatareeks slegs 'n paar afwykings van dié van die meer omvattende inflasiekoers. Die enigste betekenisvolle verskil het voorgekom toe die omvattende inflasiegolf van 1989-1990 nie met 'n ooreenstemmende golf in sowel die verwysings- as die onderliggende tydreeks gepaard gegaan het nie. Dit kan hoofsaaklik verklaar word deur die sterk bydrae van 'n styging van 3 persentasiepunte in die huisverbandkoers tussen November 1988 en Oktober 1989. In die tydperk 1994-1995 het die omvattende inflasiereeks weer 'n golfbeweging gemaak wat nie duidelik in die verwysingsdatareeks weerspieël is nie en nog minder in die onderliggende inflasiereeks. Die grootste bydrae tot hierdie verskil was 'n toename in die pryse van voedsel as gevolg van laer as verwagte groei in fisiese omvang van die landbouproduksie weens die terughouding van slagvee vanaf die mark ten einde kuddes op te bou, asook rypskade aan groenteproduksie en droogteverwante skade aan graanoeste.

### Identifisering van aanwysers

Om 'n saamgestelde aanwyser so akkuraat as maandelik op te stel, is 'n groot getal ekonomiese tydreeksse beoordeel. Reekse wat volgehoue betroubare voorspellers van inflasie was, is toe in 'n enkele saamgestelde aanwyser saamgevat. Die metodiek was dieselfde as dié wat gebruik word om die leidende aanwyser van die konjunkturgolf in Suid-Afrika saam te stel (Van der Walt 1983 en Van der Walt & Pretorius 1995).

Om die mate van subjektiewe oordeel in die keuse van individuele aanwysers te verminder is gesteun op 'n objektiewe beoordelingstelsel soortgelyk aan dié



wat in verskeie ander lande gebruik word. Die belangrikste maatstawwe wat in die beoordelingstelsel gebruik is, was die ekonomiese betekenis van die bepaalde bedrywigheid of proses wat deur die aanwyser beskryf word, die statistiese toereikendheid van die data, die historiese ooreenkoms en die tydverband met die verwysingsgolf, die egaligheid van die tydreeks, en die tydige beskikbaarheid van die gegewens. Aan elke maatstaf is 'n punt of telling toegeken. Aangesien die betroubaarheid van ekonomiese tydreekse as aanwysers van die verwysingsgolf van die allergrootste belang is, is die historiese ooreenkoms en die tydverband met die verwysingsgolf as die belangrikste maatstawwe beskou. In ooreenstemming met gebruike van ander studies (sien byvoorbeeld Moore & Shiskin 1967, Beck, Bush & Hayes 1973 en Zarnowitz & Boschan 1975), is die hoogste punte toegeken aan die ekonomiese tydreekse wat die aangewese maatstawwe die strengste nagevolg het.

### Beoordeling van aanwysers

Meer as sestig verskillende tydreekse waaronder kwantitatiewe en kwalitatiewe aanwysers wat moontlik 'n verband met inflasie kan hê, is getoets vir insluiting in die saamgestelde leidende aanwyser van inflasie. Uiteindelik is nege aanwysers gekies om in die saamgestelde indeks opgeneem te word. Die keuringsmaatstawwe het nie net bestaan uit die hoogste puntetelling wat in die beoordelingsproses verkry is nie, maar verskillende bedrywigheide en prosesse in die ekonomie wat moontlik die oorsprong van inflasie kon verklaar is ernstig oorweeg vir insluiting in die aanwyser, ongeag of die hoogste

**Grafiek 3: Saamgestelde leidende aanwyser van inflasie**



puntewaarde daaraan toegeken is. Hieronder tel oormaatvraag, aanbodtekorte, kostestygings en inflasieverwagtings. In baie gevalle is die datareekse omskep tot persentasieveranderings oor 'n tydperk van twaalf maande om met die meting van inflasie ooreen te stem. In die geval van tydreekse met kwartaalike frekwensies is die data herlei tot tydreekse met 'n maandelikse frekwensie.

**Tabel 2. Leidende aanwysers van inflasie**

Aanwyser	Meeteenheid
Waarde van kleinhandelsverkope teen konstante prys	Persentasieverandering oor twaalf maande
Bruto binnelandse besteding as persentasie van bruto binnelandse produk	Persentasie en herlei tot maandelikse frekwensie
Produksiegaping (verskil tussen potensiële en werklike reële bruto binnelandse produk in die private sektore buite die landbou)	Persentasie en herlei tot maandelikse frekwensie
Afleweringstydperk van bestellings geplaas in die fabriekswese (opinie-opname)	Netto persentasie en herlei tot maandelikse frekwensie
Arbeidskoste per eenheid produksie in die sektore buite die landbou	Persentasieverandering oor vier kwartale en herlei tot maandelikse frekwensie
Pryse van ingevoerde goedere en nie-faktordienste	Persentasieverandering oor vier kwartale en herlei tot maandelikse frekwensie
M3-geldvoorraad	Persentasieverandering oor twaalf maande
Opbrengskoers op staatseffekte met 'n looptyd van tien jaar en langer	Persentasie
Verwagte gemiddelde kleinhandelsverkoopprys (opinie-opname)	Netto persentasie en herlei tot maandelikse frekwensie



**Tabel 3. Draaipunte van die saamgestelde leidende aanwyser**

	Leidende aanwyser	Verwysings- datareeks van inflasie	Leityd (maande)
Trog .....	Aug 1983	Aug 1984	12
Piek .....	Okt 1984	Jan 1984	15
Trog .....	Feb 1987	Okt 1988	20
Piek .....	Mei 1989	Jul 1991	26
Trog .....	Nov 1993	Okt 1995	23
Piek .....	Aug 1996*	...	...

\* Hoewel die leidende aanwyser vroeg in 1995 'n "hoogtepunt" getoon het, kon hierdie "hoogtepunt" uitsluitlik toegeskryf word aan twee komponente wat buitengewoon sterk opwaartse bewegings getoon het en toe deur 'n regstelling gevolg is.

Eerstens is die sterk druk op die binnelandse opbrengskoers op langtermynneffekte in 1994 veroorsaak deur faktore soos onsekerhede oor politieke ontwikkelings en besorgdheid oor die regering se groot finansieringsbehoefes.

Tweedens het die getal vervaardigers wat 'n verlenging in die afleweringstyd van bestellings ondervind het, in 1994 skerp toegeneem.

Die nege aanwysers wat gekies is om as leidende aanwysers van inflasie te dien, word in Tabel 2 voorgestel. Hierdie nege individuele komponente is in 'n enkele saamgestelde aanwyser saamgevat deur gebruik te maak van die tegnieke wat deur Van der Walt en Pretorius (1995) beskryf is.

Die samehang tussen die verloop van die saamgestelde leidende aanwyser en inflasie word in Tabel 3 (asook in Grafiek 3) getoon. Die veranderings in die rigting van die saamgestelde aanwyser het vroeë waarskuwings van veranderings in die rigting van inflasie gegee – sowat een tot twee jaar voor die werklike verandering in die verwysingsdatareeks van inflasie plaasgevind het.

### Slotopmerkings

Die saamgestelde leidende aanwyser van inflasie was gedurende die tagtigerjare 'n betroubare voorspeller van die draaipunte van inflasie. Die voorspellingskrag van die aanwyser het in die negentigerjare oor die algemeen ongeskonde gebly. 'n Diep laagtepunt in die leidende aanwyser in 1993 is in 1995 deur 'n laagtepunt in die verwysingsdatareeks gevolg.

Nadat die saamgestelde leidende aanwyser in 1996 'n hoogtepunt bereik het, het dit afwaarts beweeg. Hierdie beweging moet egter nog beslissend in 'n verdere verlangsaming in die koers van toename in verbruikerspryse weerspieël word. Bewegings in inflasie in die komende maande sal waarskynlik bevestig dat die

saamgestelde aanwyser ook onder heersende omstandighede nog steeds 'n betroubare voorspeller van die beweging in verbruikersprysinflasie is.

### Verwysings

Beck, M.T., Bush, M.G. & Hayes, R.W. June 1973. The indicator approach to the identification of business cycles. *Occasional Paper No. 2*. Reserve Bank of Australia.

Moore, G.H. & Shiskin, J. 1967. *Indicators of business expansions and contractions*. New York: National Bureau of Economic Research, Columbia University Press.

Van der Walt, B.E. Maart 1983. Aanwysers van konjunktuurveranderings in Suid-Afrika. *Kwartaalblad*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Van der Walt, B.E. & Pretorius, W.S. Maart 1995. Konjunkturgolwe in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1986 tot 1993. *Kwartaalblad*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Zarnowitz, V. & Boschan, C. May 1975. Cyclical indicators: An evaluation and new leading indexes. *Business Conditions Digest*. Washington: US Department of Commerce.



## Note to tables

## Opmerking oor tabelle

### Balance of payments - Table S-86 to S-91

The results of the Census of Foreign Transactions, Liabilities and Assets, which was taken for 1995, allowed for a comprehensive review of the statistical presentation of the international investment position of South Africa. Revised data resulting from the information obtained from the census are presented in this edition of the *Quarterly Bulletin*.

The international investment position of the country was updated to present the results of the census for 1995 and preliminary estimates of foreign liabilities and assets for 1996. The full results of the census are scheduled for release in a special supplement to the March 1998 edition of the *Quarterly Bulletin*. By that time, the country's international investment position for 1996 is expected to be reviewed again. Estimates of international capital flows for 1996 will probably also be affected by the revision envisaged for March 1998. The classification of foreign liabilities in 1996 according to sectors of economic activity will be announced in March 1998.

Certain balance sheet items were reclassified from one category of liabilities or assets to another. Borrowing from non-resident sources by the monetary sector, but then onlent to domestic public- and private-sector institutions, were formerly classified as foreign liabilities of the end-user of the funds, or the ultimate debtor. These items were reclassified for the period from 1989 as short-term foreign liabilities of the monetary sector. Debt owed to non-resident entities, which had been renegotiated and converted into medium- and long-term loans in terms of successive special arrangements with foreign creditors, was similarly reclassified as long-term liabilities of the monetary sector instead of the liabilities of the ultimate debtor.

### Betalingsbalans - Tabel S-86 tot S-91

Die resultate van die Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates wat vir 1995 opgeneem is, het 'n volledige hersiening van die statistiese aanbieding van die internasionale beleggingsposisie van Suid-Afrika moontlik gemaak. Hersiene gegewens voortspruitend uit die inligting wat uit die sensus verkry is, word in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* beskikbaar gestel.

Die internasionale beleggingsposisie van die land is aangepas om die resultate van die sensus vir 1995 en voorlopige ramings van die buitelandse laste en bates vir 1996 te weerspieël. Die volledige resultate van die sensus is geskeduleer vir vrystelling in 'n spesiale bylaag tot die *Kwartaalblad* van Maart 1998. Die internasionale beleggingsposisie vir 1996 sal dan na verwagting weer hersien word. Ramings van internasionale kapitaalvloeiinge vir 1996 sal waarskynlik ook beïnvloed word deur die hersienings wat vir Maart 1998 in die vooruitsig gestel word. Die klassifikasie van buitelandse laste in 1996 volgens sektore van ekonomiese bedrywigheid sal in Maart 1998 bekend gemaak word.

Sekere balansstaatposte is herklassifiseer van een kategorie van laste of bates na 'n ander. Lenings van buitelandse bronne aan die monetêre sektor, wat daarna aan binnelandse instellings in die openbare en private sektor deurgeleen is, was voorheen as buitelandse laste van die eindgebruiker van die fondse of die uiteindelijke debiteur geklassifiseer. Hierdie items is vir die tydperk vanaf 1989 onder korttermyn buitelandse laste van die monetêre sektor gegroepeer. Op dieselfde manier is skuld wat aan buitelandse entiteite verskuldig is en wat ingevolge opeenvolgende spesiale ooreenkomste met buitelandse krediteure (medium- en langtermynlenings) heronderhandel is, onder langtermynlaste van die monetêre sektor pleks van die laste van die uiteindelijke debiteur gegroepeer.